

WILLIAM
SHAKESPEARE
TITUS
ANDRONICUS
VERTAAL
DEUR
BREYTEN
BREYTENBACH



The Library

University
of the Witwatersrand
Johannesburg



TITUS
ANDRONICUS

Vertaal deur
Breyten Breytenbach

1970
BUREN-UITGEWERS
KAAPSTAD



BC45651

1970 BUREN-UITGEWERS (EDMS) BPK
ALLE REGTE VOORBEHOU
GESET, GEDRUK EN GEBIND DEUR
KEARTLAND PRESS (EDMS) BPK

*die vertaling is opgedra
aan Dottori Bill Dodd*

PERSONELYS

Saturninus	<i>Oudste seun van die oorlede keiser van Rome, later self keiser.</i>
Bassianus	<i>Saturninus se broer</i>
Titus Andronicus	<i>'n Romeinse edelman en veldheer</i>
Marcus Andronicus	<i>volkstribuun, Titus se broer</i>
Lucius	<i>Titus Andronicus se seuns</i>
Quintus	
Martius	
Mutius	
Jong Lucius	<i>'n Knaap, seun van Lucius</i>
Publius	<i>Marcus Andronicus se seun</i>
Sempronius	<i>bloedverwante van Titus</i>
Caieus	
Valentinus	
Emilius	<i>'n Romeinse edelman</i>
Alarbus	<i>Tamora se seuns</i>
Demetrius	
Chiron	
Aron	<i>'n Moor, bemin deur Tamora</i>
'n Kaptein, 'n Tribuun, 'n Boodskapper, 'n Nar, Romeine en Gote	
Tamora	<i>Koningin van die Gote</i>
Lavinia	<i>Titus Andronicus se dogter</i>
Kinderoppasster en 'n Swart Kind	
Titus se verwante, Senatore, Volksverteenwoordigers, Offisiere, Soldate en Gevolg	
Die Toneel:	<i>Rome en die nabye omstreke.</i>

Eerste Bedryf

TONEEL I

'n Plein in Rome voor die Kapitool. 'n Balkon bo die plein met daaragter 'n venster waardeur ons die Senaat, in sitting in 'n bo-kamer van die kapitoel, kan sien. Saturninus en sy volgelinge marsjeer op van die een kant; Bassianus en sy volgelinge van die oorkant; met dromme en trompette.

SATURNINUS

Grootmoedige patrisiërs, beskermers van my reg,
Verdedig die geregtigheid van my saak met wapens;
En julle, landgenote, wat my uit liefde ondersteun,
Bepleit my opvolgingsreg met julle swaarde:
Ek is die eersgebore seun van die man
Wat Rome se keiserskroon gedra het;
Laat die eer van my vader dan in my voortleef,
En veronreg nie my aanspraak met vernedering en smaad.

BASSIANUS

Romeine, vriende, volgelinge, bevorderaars van my reg,
As Bassianus – Cesar se seun –
Ooit byval gevind het in die oë van koninklike Rome,
Versper dan die weg na die Kapitoel
En hou die skande ver
Van hierdie keiserlike setel, gewy aan deug,
Aan geregtigheid, kuisheid, edelmoedigheid;
Maar laat 'n suiwer verkiesing verdienste bestraal,
En, Romeine, veg vir vryheid in jul keuse.
Marcus Andronicus, met 'n kroon in sy hande, stap vorentoe op die Balkon.

MARCUS

Prinse, julle wat so ambisieus deur patrisiër-kliek
En vriende streef na keiserskap en heerskappy,
Die volk van Rome – vir hulle is ons
'n Spesiale party – het met gemeenskaplike stem

In verkiesing vir die Romeinse troon,
 Andronicus – bygenaamd Pius, uit erkentlikheid
 Vir wat hy vir Rome gedoen het – aangewys.
 'n Grootser mens as hy, 'n dapperder krygsman,
 Leef daar nie vandag binne die stad se mure nie.
 Het hy bebloed na Rome teruggekeer met sy dapper seuns
 'n Sterk nasie, afgerig in die vegkuns, die juk kon oplê,
 Word nou deur die Senaat huis toe ontbied,
 Terug van slopende oorloë teen die barbaarse Goot.
 Tien lange jare is verby sedert hy
 Hierdie skild vir Rome opgeneem het en ons vyande
 Se trots met die swaard kon tugtig: vyf maal
 Het hy bebloed na Rome teruggekeer met sy dapper seuns
 In doodkiste van die veld, om op dieselfde dag nog
 By die Andronici se monument
 Boete te doen, en die reinste gevange Goot
 As soenoffer te dood.
 Nou oplaas kom die goeie Andronicus na Rome
 Belaai met sy verdiende buit;
 Gevierde Titus, weelderig in wapens.
 Ons smeek julle – in eerbied vir die naam
 Van hom op wie se troon julle wil sit
 En uit respek vir die gesag van die Kapitool
 En Senaat deur julle ondersteun en aangehang:
 Onttrek juisself en matig julle magsvertoon,
 Laat julle volgelinge gaan, en bepleit dan julle meriete
 In vrede en in nederigheid soos dit aanspraakmakers betaam.

SATURNINUS

Hoe reguit praat die tribuun om my ontsteltenis te kalmeer!

BASSIANUS

Marcus Andronicus, ek vertrou
 Jou opregtheid en jou onkreukbaarheid só,
 En so min en eer ek jou en joune –
 Jou edele broer Titus en sy seuns,
 En haar voor wie al my gedagtes in ootmoed gaan lê:
 Die onbevange Lavinia, Rome se ryk tooisel –
 Dat ek hier my getroue vriende sal ontslaan
 En voor my fortuin en die guns van die volk
 My saak sal lê, dat dit geweeg en beoordeel mag word.

Bassianus se volgelinge af.

SATURNINUS

Vriende, wie hier my aanspraak wou voorstaán,
Ek dank julle almal en laat jul almal gaan,
En aan die liefde en begunstiging van my land
Vertrou ek my, my saak en my persoon.

Saturninus se volgelinge af

Rome, wees net so genadig en geregtig vir my
Soos ek getrou en liefdevol is jeens jou.
Maak die hekke oop en laat my in.

BASSIANUS

Tribune, en vir my, 'n arme mededinger.

Hulle gaan die Senaat binne.

'n Kaptein op

KAPTEIN

Romeine, staan opsy! die goeie Andronicus,
Deugszaamheid se skutsheer, Rome se beste kampvegter –

Met sukses bekroon in sy veldslae,

Met eer en rykdom oorlaai – is terug

Van daar waar hy die vyande van Rome

Met die swaard omskryf, op die knieë kon dwing.

Die geskal van trompette en getrommel van dromme en in 'n optog kom binne: Mutius en Martius gevolg deur twee soldate wat 'n lykekis gedrapeer in swart, tussen hulle dra; dan Quintus en Lucius; dan Titus Andronicus met agter hom sy gevangenes – Tamora, die Koningin van die Gote; haar seuns Alarbus, Chiron en Demetrius: Aron die Moor en ander. Die soldate sit die kis neer, en Titus praat.

TITUS

Heil, Rome, seëvierend in jou rouklere!

Kyk, soos 'n skuit wat haar lading afgelaai het

Met 'n kosbare vrag terugvaar na die tuisbaai

Waar sy éérs haar ankers gelig het,

So kom Andronicus, gebind met louriertakkies,

Om sy land met trane te begroet –

Trane van opregte vreugde oor sy tuiskoms in Rome.

Laat die plegtighede wat ons beoog U geval,

O grootse Jupiter, beskermheer van hierdie Kapitool.

Romeine, van vyf-en-twintig onversaagde seuns –

Helpte van die getal wat koning Priamos had –

Aanskou my arme oorskot, lewende en dood.
Laat Rome hierdie oorlewendes met liefde vergoed.
En aan hulle wat ek na 'n laaste tuiste bring,
Gun hulle 'n begrafnis by hul voorvaders.
Hier laat die Gote my toe om my swaard weer te skeed.
Titus, hardhart en onverskillig met jou eie –
Waarom gedoog jy dat jou seuns nog onbegraaf
Fladder oor die aaklige oewer van Styx?
Maak oop dat ons hul by hul broers kan lê.
Hulle maak die grafkelder oop.
Groet elkaar daar in stilte, soos die dooies dit doen,
En slaap in vrede, gesnuwel in julle vaderland se stryd.
O heilige bewaarplek van my vreugdes,
Soet sel van kuisheid en dit wat edel is,
Hoe baie van my seuns lê daar in jou gestoor –
En nooit sal ek uit jou weer iets van hul hoor!

LUCIANUS

Gee vir ons die trotsste prisonier onder die Gote
Dat ons sy lyf uitmekaar kan kap, en op 'n stapel
Sy vlees aan die skimme van ons broers offer
Voor hierdie aardse tronk vir hulle gebeentes –
Sodat die geeste nie onversoend mag wees
En ons op aarde nie gepla word deur onheil se spel.

TITUS

Hóm gee ek vir julle: die mees edele oorlewende,
Hierdie vreesbevange koningin se eersteling.

TAMORA

Wag, Romeinse broers! Genadige oorwinnaar,
Seëvierende Titus, betreur tog hierdie trane wat ek huil –
Moedertrane van liefde en verdriet vir haar seun;
En as jou seuns ooit vir jou dierbaar was,
Begrype dan dat myne net so dierbaar is vir my.
Is dit nie genoeg dat jy ons na Rome bring
Om jou triomftog op te smuk; ons hier jou gevangenes is –
Geknak onder jou Romeinse juk;
Maar moet my seuns hier op straat geslag word
Vir heldedade verrig ter wille van hul land?
Ag, as jou seuns uit piëteit kon veg
Vir koning en welsyn, so ook myne.

Andronicus, besoedel nie jou familiegraf met bloed.
Wil jy nie na die gode aard nie?
Word tog soos die gode in jou ontferming.
Soete barmhartigheid is die ware kenteken van adel;
Driemaal edele Titus, ontsien my eersgebore seun!

TITUS

Moet jou nie so ontstel nie, madame, en vergewe my.
Dis hul broers hier wat jou Gote lewend en dood
Durf aanskou het, en vir hul vermoorde bloedverwante
Vra hulle nou godsdienstig 'n offerande.
Hiérvoor is jou seun aangewys, en hy sal sterf
Om die heengeganes se kreunende geeste te paai.

LUCIANUS

Vat hom weg! Maak dadelik 'n vuur
En laat ons hom op die stapel met ons swaarde
Aanstukke kerf tot hy heeltemal vernietig is.
Titus se seuns sleep Alarbus af.

TAMORA

O wrede, goddelose vroomheid!

CHIRON

Was Skithië ooit half so barbaars!

DEMETRIUS

Stel Skithië nie teenoor ambisieuse Rome nie.
Alarbus gaan nou rus, en ons bly oor
Om hier onder Titus se dreigende oë te beef.
Daarom, moeder, mag jy nie swig, maar vertrou bowendien
Dat daardie selfde gode wat die koningin van Troje
Voorsien het van die geleentheid tot wraak
Op die Thraciese tiran in sy tent
Ook Tamora, koningin van die Gote, mag begunstig
(Toe Gote nog Gote was en Tamora koningin)
Dat sy haar vyande se bloedvrot onregte uit mag wis.
Andronicus se seuns kom weer binne met hul swaarde vol bloed.

LUCIANUS

Kyk, heer en vader, hoe ons ons Romeinse plegtighede verrig
het: Alarbus se litte is gesnoei
En sy gedermtes stook die offervuur
Sodat die rook soos wierook die lug lekker laat ruik.
Nou moet ons nog net ons broers begrawe

En hul met luide trompetgeskal in Rome verwelkom.

TITUS

Laat dit so geskied; en laat Andronicus
Hiermee vir oulaas van hul siele afskeid neem.
Trompette word geblaas en die kis word in die graf neergelaat.
In eer en vrede rus julle hier, my seuns;
Rome se vlugste voorvegters – mag julle rustig hier rus,
Veilig van wêreldse giere en ongelukke.
Hier lê geen verraad op loer, hier broei geen nyd,
Hier groei geen giftige gewasse, is daar geen storms,
Geen geraas, maar stilte en ewignagtelike slaap.
Lavinia op.

In eer en vrede rus julle hier, my seuns.

LAVINIA

In eer en vrede, lank lewe heer Titus!
My edele heer en vader, lewe in roem.
Kyk, in hierdie graf stort ek
Die skatpligtige trane vir my broers se lykdienis;
En aan u voete kniel ek, met trane van vreugde
Gestort op die grond vir u tuiskoms in Rome.
O, seën my hier met daardie onoortroffe hand
Waarvan Rome se beste burgers die voorspoed prys.

TITUS

Goedhartige Rome wat so liefdevol die troos
Van my oudag opgepas het, om my hart bly te maak.
Lavinia, leef! oorleef al jou vader se dae
En roem se allerlaaste dag, vir die lof van kuisheid.
Marcus Andronicus, Saturninus, Bassianus en ander op bo.

MARCUS

Lank lewe die heer Titus, my geliefde broer,
Genadige oorwinnaar in die oë van Rome!

TITUS

Dankie, troue Tribuun, my edele broer Marcus.

MARCUS

En welkom, my broer se seuns, terug van suksesvolle oorloë,
Julle wat nog leef, en julle wat reeds so roemryk slaap.
Regverdige here, julle wat jul swaarde vir die land
Getrek het stuur almal af op dieselfde bestemming,
Maar 'n veiliger triomf is hierdie begrafnispraal

Vir hulle wat Solon se geluk* nagestreef het
En triomfeer oor toeval in die bed van eer.
Titus Andronicus, die volk van Rome
Wie se vriend in geregtigheid jy nog altyd was,
Stuur saam met my, hul tribuun en vertroueling,
Hierdie toga so wit en vlekloos van kleur,
En benoem jou in verkiesing vir die ryk
Saam met ons oorlede keiser se seuns ook hier;
Wees dan kandidaat en trek die wit kleed aan
En help ons 'n hoof vir onthoofde Rome vind.

TITUS

'n Beter kop sal op haar glansryke liggaam pas
As hierdie wat skommel van leefskimmel en lamlendigheid.
Vir wat sal ek die toga dra, en julle pla?
Om vandag verkies en uitgeroep te word,
Môre die troon op te sê, my lewe af te skryf
En te gaan waag op nuwe ondernemings vir julle?
Rome, ek was veertig jaar lank jou soldaat
En het my land se magte met sukses aangevoer
En een-en-twintig onverskrokke seuns begraaft –
Ridders op die slagveld, manmoedig in die harnas
Gesnuwel vir die reg en in diens van hul eerbare land.
Gee my 'n erestaf vir my ouderdom,
Maar geen septer om oor die wêreld te heers;
Hy wie dit laas had, here, het dit régop gehou.

MARCUS

Titus, vra net daarvoor en die ryk is joune.

SATURNINUS

Ydele magsugtige Tribuun, hoe weet jy dit?

TITUS

Geduld, Prins Saturninus.

SATURNINUS

Romeine, laat reg geskied:
Patrisiërs, trek jul swaarde, en laat hulle nie rus
Tot Saturninus keiser van Rome is.
Andronicus, ek sien jou eers verskeep na die hel

*Toe Croesus gepronk het met sy gelukkigheid, het Solon die opmerking gemaak: „Beskou geen man as gelukkig voor hy dood is nie.” (Herodotus 1.32).

Voor jy die volk se harte van my roof!

LUCIANUS

Verwaande Saturninus, onderbreker van die goeie
Wat edelmoedige Titus vir jou bedoel!

TITUS

Ontstel jou nie, Prins; ek sal die volk se harte
Aan jou besorg, en hulle van my speen.

BASSIANUS

Andronicus, ek vlei jou nie.
Maar eer jou en sal ook tot ek sterf;
As jy my party met jou vriende sterker maak
Sal ek baie dankbaar wees, en dank is vir manne
Van grootse karakter 'n eervolle beloning.

TITUS

Volk van Rome, en volksverteenwoordigers alhier,
Ek vra julle stemme en jul goedkeuring.
Sal julle dit in vriendskap aan Andronicus toesê?

VERTEENWOORDIGERS

Om die goeie Andronicus te behaag
En sy veilige tuiskoms in Rome te felisiteer,
Sal die volk die man wat hy voorstaan, aanvaar.

TITUS

Tribune, ek dank julle, en dis dan my versoek
Dat julle ons keiser se oudste seun kies –
Heer Saturninus; sy deugde sal, so hoop ek,
Op Rome skyn soos Titan se strale op aarde,
En geregtigheid in hierdie ryk ryp laat word.
Dus, as julle volgens my advies wil stem,
Kroon hom, en sê: Lank lewe ons keiser!

MARCUS

Met stemme en applous van ieder en elk,
Patrisiërs en burgers, roep ons Heer Saturninus
Tot Rome se keiser uit
En sê: Lank lewe ons Keiser Saturninus!
'n Lang fanfare terwyl Marcus en ander afklim na die verhoog.

SATURNINUS

Titus Andronicus, vir jou gunste aan ons
Bewys in ons verkiesing vandag
Gee ek jou dank as gedeelte van wat jou toekom,

En met dade sal ek jou sagtheid vergeld.
En as begin, Titus, om jou naam
En geëerde familie te bevorder,
Gaan ek Lavinia my koningin maak –
Rome se koninklike meesteres, meesteres van my hart –
En in die heilige Pantheon haar eggenoot.
Sê my, Andronicus, geval my voorstel jou?

TITUS

Dis goed, my waardige heer, en met die verbintenisse
Word ek hoogs vereer deur u welwillendheid;
En hier ten aanskoue van Rome, aan Saturninus
Koning en bevelhebber van ons ryk,
Keiser van die wye wêreld, wy ek
My swaard, my strydwa en my gevangenes –
Waardige geskenke vir Rome se vorstelike heer;
Neem ontvangs dan van die hulde wat ek skuld,
Die vaandels van my eer aan u voete neergestryk.

SATURNINUS

Dankie, grootse Titus, vader van my dae.
Rome sal noteer hoe trots ek op jou
En jou geskenke is, en as ek die kleinste
Van die onbeskryflike pryse vergeet,
Romeine, vergeet dan jul trou aan my.

TITUS

Aan Tamora

Nou is jy, madame, die prisonier van 'n keiser,
Van hom wat jou en jou volgelinge ter wille
Van jou eer en rang met eer sal behandel.

SATURNINUS

Tersy

('n Fraai vroumens, so op my woord! Van die soort wat ek sou
kies as keuse weer aan my sou behoort).

Hardop

Laat vaar nou, mooi koningin, daardie stuurse gesig.
Al het die wisselvallighede van oorlog jou stemming ontstem,
Jy het nie na Rome gekom om minag te word nie,
Maar sal in alle opsigte 'n prinslike behandeling kry.
Verlaat jou op my woord, en laat misnoeë
Nie al jou hoop verpletter nie; madame, hy wat jou troos

Kan jou groter maak as die koningin van die Gote.
Lavinia, my woorde hier mishaag jou nie?

LAVINIA

Glad nie, my heer, siende dat ware sieleadel
Hierdie woorde in vorstelike hofflikheid regverdig.

SATURNINUS

Dankie, liewe Lavinia. Romeine, kom.
Ons gaan.

Sonder losprys laat ons hier ons gevangenes vry;
Maak ons roem bekend, menere, met trom en trompet.
Gesketter. Saturninus maak met swyende gebare Tamora die hof.

BASSIANUS

Gryp Lavinia vas
Heer Titus, met u verlof, hierdie meisie is myne.

TITUS

Wat sê jy? Is jy ernstig, my heer?

BASSIANUS

Ja, edele Titus, en vasbeslote daarby
Om self dit wat my toekom hier op te eis.

MARCUS

Aan 'n ieder dit wat syne is – dis ons Romeinse Reg:
In alle regverdigheid – die prins neem net wat aan hom behoort.

LUCIUS

En so sal dit wees, so lank soos Lucius leef.

TITUS

Verraaiers, vort! Waar's die koning se lyfwagte?
Verraad, my heer! Lavinia is oorweldig.

SATURNINUS

Oorweldig? deur wie?

BASSIANUS

Deur my! In volle reg
Dra ek my verloofde van die hele wêreld weg.

MUTIUS

Broers, help en neem haar weg hiervandaan,
En met my swaard sal ek voor die deur bly staan.
*Marcus, Bassianus, en die broers Lucius, Quintus en Martius omsingel
Lavinia terwyl hulle die plein verlaat.*

TITUS

Volg my, my heer; so wragtig! ek bring haar terug.

Saturninus wink vir Tamora opsy en tydens die geveg gaan hulle saam met Aron en haar seuns die kapitool binne.

MUTIUS

My heer, hier kom u nie verby.

TITUS

Wat, verderflike deugniet!

Staan jy in Rome in my pad?

Hulle skerm en kap.

MUTIUS

Terwyl hy op die planke neersyg.

Help, Lucius, help!

Lucius terug.

LUCIUS

My heer, jy's onbillik, en meer as dit nog:

In onregverdige twis het jy jou seun gedood.

TITUS

Nòg jy, nòg hy is 'n seun van my:

My seuns sou my nooit so beskaam.

Verraaier, bring Lavinia na die keiser terug.

LUCIUS

Dood, as jy dit so wil, maar nooit as sy vrou,

Want sy's 'n ander se wettig-beloofde geliefde,

Die Keiser, vergesel van Tamora en haar twee seuns en Aron die Moor, op bo.

SATURNINUS

Nee, Titus, nee; die keiser het haar nie nodig nie;

Nòg haar, nòg jou, of enigeen van jou geslag.

Selfs hy wat my een keer bespot vertrou ek nie gou –

Vir jou nooit, en nooit jou verraaiende hoogmoedige seuns,

Almal bondgenote wat my so wou verneder.

Was Saturninus dan die enigste in Rome

Wat uitgelag moes word? Ja, Andronicus,

Hierdie verrigtings strook mooi met jou trotse gespog

Dat ek kwansuis die ryk by jou moes bedel.

TITUS

Dis afgrysig! Watter verwytende woorde is dit?

SATURNINUS

Maar gaan jou gang, gaan, gee jou uitruildogter

Aan hom wat so swierig vir haar geskryf het met die swaard;

'n Kloekmoedige skoonseun sal hy vir jou wees,
Uitgeknip vir relletjies met jou bandelose seuns
Om wind te maak in die vorsteryk van Rome.

TITUS

Hierdie woorde is skeermesse vir my gekweste hart.

SATURNINUS

Daarom, lieflike Tamora, Koningin van Gote,
Wat soos die statige Phoebé tussen haar nimfe
Die mees gallante Romeinse dames verblind,
As my onverwagse keuse jou welgeval,
Dan neem ek jou, Tamora, as bruid vir my
En ek maak jou Koningin van Rome.
Praat, Koningin van Gote, maak my keuse jou bly?
En hier sweer ek by al die gode van Rome –
Noudat priester en wywater so naby is
En waskerse so helder brand, en alles
Gereed is vir Hymen die huweliksgod –
Dat ek Rome se strate nie weer sal begroet,
Nie sal opklim na my paleis, voor ek nie
My getroude bruid hiervandaan kan vergesel nie.

TAMORA

En hier in die hemel se oë sweer ek voor Rome:
As Saturninus so die koningin van die Gote verhoog
Sal sy 'n diensmaagd wees vir sy begeertes,
'n Liefdevolle oppasster, 'n moeder vir sy jongjare.

SATURNINUS

Bestyg, liewe Koningin, die Pantheon. Here, begelei
Julle edele keiser en sy skone bruid
Deur die hemele aan Prins Saturninus gestuur;
Haar wysheid het haar lot die onderspit laat delf.
Daar sal ons die huweliksplegtigheid volvoer.

Almal af, behalwe Titus.

TITUS

En ek word nie genooi na hierdie troue nie.
Titus, wanneer laas het jy alleen geloop,

So vol skande en aangekla van kwaad?

Marcus, Lucius, Quintus en Martius op.*

MARCUS

Ag, Titus, kyk nou wat het jy gedoen –

In 'n lelike rusie 'n voorbeeldige seun vermoor.

TITUS

Nee, onnosele tribuun, nee; nie my seun nie; Nòg jy, nòg hulle – medepligtiges aan die daad wat ons hele familie in skande dompel; Onwaardige broer en onwaardige seuns!

LUCIUS

Maar laat ons hom begrawe soos dit hoort;

Laat Mutius by ons broers begrawe word.

TITUS

Verraaiers! Gee pad! In hierdie graf rus hy nie;

Vyfhonderd jaar staan die gedenkteken al

En ek het dit weelderig herbou:

Hier word slegs soldate en Rome se dienaars

Weggelê in roem, nie die straatbakleiers nie.

Begraaf hom waar jul wil, hier is sy plek nie.

MARCUS

My heer, dis goddeloosheid wat daar praat.

My neef Mutius se dade pleit tog vir hom;

Hy moet by sy broers begrawe word.

MARTIUS

En sal ook, of anders gaan ons saam met hom.

TITUS

En sál? Wie is die skurk wat so daar praat?

MARTIUS

Hy wat waar ook al daarby sal staan . . . behalwe hier.

TITUS

Wat, sal julle hom teen my sin begraaft?

MARCUS

Nee, liewe Titus, maar by jou soebat

Om Mutius te vergewe en begrawe.

*Lucius se kom-en-gaan is hier ietwat verward. Ek het die oorspronklike teks, flater en al, gevolg. Ek stel voor dat Lucius hom stil in die skaduwees terugtrek wanneer Sat. en gevolg bo op die balkon verskyn. Dit beklemtoon ook Titus se afsondering.

TITUS

Marcus, selfs jy wil my gevoelens verdraai,
En met hierdie seuns het jy my eer verraai:
Ek beskou julle almal as vyande nou,
So hou op om my te pla; gaan tog weg.

QUINTUS

Hy is buite homself; kom, laat ons gaan.

MARTIUS

Ek bly tot Mutius se beendere begrawe is.
Die broer en die seuns gaan op hul knieë.

MARCUS

Broer, want in naam van daardie band mag ek smeeke –

MARTIUS

Vader, want in daardie naam mag ons praat –

TITUS

Bly stil, as julle weet wat goed vir julle is.

MARCUS

Roemryke Titus, meer as helfte van my siel –

LUCIUS

Liewe vader, aller ons se siel en lewenspit –

MARCUS

Gun dat jou broer Marcus sy loflike neef,
Wat eervol vir Lavinia se eer moes sterf,
Hier in kuisheid se skoot ter aarde mag bestel.
Jy is 'n Romein; wees nie barbaars;
Die Grieke het dit goed geag om Ajax
Die selfmoordenaar te begraaft, en wyse ou Laertes se seun
Het goedgunstiglik die begrafnis bepleit.
Versper dan nie hierdie ingang vir jong Mutius – hy
wat jou so baie vreugde verskaf het nie.

TITUS

Staan op, Marcus.

Dis die droewigste dag van my lewe –
Om deur my eie seuns in Rome onteer te word!
Wel, begrawe hom, en gooi my dan ook maar toe.
Hulle plaas hom in die graf.

LUCIUS

Daar lê jou bene, sagte Mutius, by jou vriende,
Tot ons met segetekens jou graf kan versier.

Hulle kniel en sê almal saam:

Niemand ween vir edele Mutius 'n traan;
Hy wat vir deug sterf, lewe in faam.

MARCUS

My heer, om af te stap van hierdie treurige saak,
Hoe kom dit dat die subtiële koningin van Gote
Opeens so in Rome bevorder word?

TITUS

Ek weet nie, Marcus, ek weet net dit is so;
Of dit 'n skelmstreek was? Die hemele alleen kan sê.
Is sy dan dank verskuldig aan die man wat haar
So ver gebring het vir die goeie guns?
Ja, en eerbaar sal sy beloning wees.

*Op, van die een kant: Saturninus en sy gevolg, Tamora, Demetrius,
Chiron en Aron; van oorkant: Bassianus, Lavinia en ander.*

SATURNINUS

O, so, Bassianus, jy't toe jou prys verower:
God gee jou plesier van jou windmaker bruid, meneer!

BASSIANUS

En vir jou van joune, my heer! Meer sê ek nie,
En minder wens ek nie, en so sê ek tot siens.

SATURNINUS

Rugsteker! as Rome gesag het, of ons die mag,
Sal jy en jou kliek nog die verkragting berou.

BASSIANUS

Verkragting, my heer, as ek my eie neem,
My opreg-verloofde beminde, en nou my vrou?
Laat Rome se wette 'n oordeel oor alles vel –
Intussen behoort dit wat myne is aan my.

SATURNINUS

Dis goed so, meneer. Jy hou jou nou astant;
Maar, as ons leef, sal ons net so skerp wees teenoor jou.

BASSIANUS

My heer, ek sal instaan vir wat ek gedoen het
So goed ek kon, en met my lewe as dit moet.
Maar dit moet ek U Edele sê
By alles wat ek aan Rome verskuldig is:
Hierdie goeie edelman, Heer Titus hier
Is in reputasie en eer gekrenk

Toe hy, om Lavinia te red,
Met sy eie hand sy jongste seun om moes bring –
Uit ywer vir jou, en toornig oor hy gedwarsboom was
In dit wat hy jou so vryelik wou gee.
Neem hom weer op in guns, Saturninus;
Met al sy dade het hy getoon
Dat hy 'n vader en vriend vir jou in Rome is.

TITUS

Prins Bassianus, laat ek self my dade besing;
Dis jy, en julle daar, wat my verneder het.
Rome en die regverdige hemele sal oordeel
Oor my liefde en verering vir Saturninus.

TAMORA

My waardige heer, as Tamora ooit
Bevallig was in jou vorstelike oë,
Laat my dan onpartydig vir almal voorspraak doen
En vergeef, liefing, op my versoek die verlede.

SATURNINUS

Wat, madame, moet ek openlik tot skande gemaak
Die knie buig en swig sonder wraak?

TAMORA

Nee, my heer, die gode van Rome verhoed
Dat ek ooit jou vernedering sal gedoog;
Maar op my eer kan ek getuig
Dat goeie Heer Titus in alles onskuldig is –
Sy onverbloemde raserny bewys net sy leed.
Gee aan my gehoor, en kyk hom weer welwillend aan;
So 'n suiwer vriend verloor mens nie weens dwase versinning,
En teister nie sy hart met skewe kyke nie.

Sagter, net vir Saturninus:

My heer, laat ek jou lei; gee tog nou kop –
Ontveins liever al jou verdriet en misnoë,
Jy sit nog baie onvas op die troon.
Opdat die volk dan nie – en die patrisiërs ook –
Na 'n regverdige heroerwering vir Titus steun
En jou vervang weens ondankbaarheid,
Wat in Rome glo 'n afskuwelike sonde is.
Gee toe aan pleidooie, en laat dit dan aan my oor.
Die dag sal kom dat ek hul almal sal uitmoor

En hul party en hul familie uit sal wis –
Die wrede vader en die verraderlike seuns
Voor wie ek stof moes eet vir my dierbare kind.
Hulle sal nog leer wat dit is om 'n koningin
Op haar knieë op straat tevergeefs om genade te laat bedel.

Hardop

Kom, kom, liewe Keiser; kom Andronicus;
Laat die gocie ou man opstaan, en verbly sy hart
Wat sterf voor die verskrikking van jou kwaai gefrons.

SATURNINUS

Staan op, Titus; my koningin kry haar sin.

TITUS

Ek bedank U Majesteit, en haar ook, my heer.
Hierdie woorde, hierdie houding, laat my opnuut herleef.

TAMORA

Titus, ek is nou by Rome ingelyf,
'n Romein nou, gelukkig aangeneem,
En raai die keiser vir sy eie beswil aan.
Laat dit my tot eer strek, my goeie heer,
Dat ek jou en jou vriende kon versoen.
Vir jou, Prins Bassianus, het ek my woord
En my belofte aan die keiser gegee
Dat jy milder sal wees, en meer inskiklik.
En moenie bang wees nie, here, en jy, Lavinia,
As julle my raad volg, sal julle, nederig gekniel,
Sy Majesteit om sy vergiffenis vra.

LUCIUS

So maak ons, en sweer voor die hemel en U Edele
Dat wat ons gedoen het net die allerminste was
Wat ons kon doen vir ons en ons suster se cer.

MARCUS

Daarteen wil ek op my eer hier protesteer.

SATURNINUS

Weg voor my, en bly stil; moet ons nie langer lastig val.

TAMORA

Nee, nee, liewe Keiser, ons moet almal vriende wees;
Die tribuun en sy neefs kniel hier vir genade;
Ek sal nie ontsê word nie, liefste, kyk terug.

SATURNINUS

Marcus, vir jou onthalwe, en jou broer s'n hier,
En om aan my lieflike Tamora se versoek te voldoen,
Skeld ek hierdie jongelinge van hul skandedade kwyd.
Staan op.

Lavinia, hoewel jy my soos 'n teef verlaat het,
Het ek 'n maat gevind, en by my lewe het ek 'n eed gesweer
Dat ek nie as vrygesel van die priester sou gaan.
Kom, as die keiser se hof twee bruide kan onthaal
Is jy my gas, Lavinia, en jou vriende ook.
Vandag sal 'n liefdesdag wees, Tamora.

TITUS

En môre, as dit U Majesteit behaag
Om die panter en die hert saam met my te jag,
Sal ons met blaashoring en jaghond u genade beloon.

SATURNINUS

Laat dit so geskied, Titus, en baie dankie ook.
Hulle marsjeer af met die geskal van trompette; net Aron bly agter.

Twede Bedryf

TONEEL I

Aron alleen.

ARON

Nou klim Tamora tot op Olympus se piek,
Buite bereik van Noodlot se pyl, en sit daar gespits,
Behoed teen die donder se klap of weerligflits,
Uitgestyg bo bleke afguns se dreigende hand.
Soos wanneer die goue son die môre salueer
En – as sy strale die oseaan met goud omrand –
Deur die diereriem in sy glansende koets galoppeer
Met oë hoër as heuwels-op-hul-tone gewiek:
So is Tamora.
Aardse eer bedien haar geestigheid
En deug val en bewe as sy frons.
Pantser daarom, Aron, jou hart; maak jou gedagtes soepel
Om tot daarbo by jou keiserlike minnares te klim
En klim tot in die hoogste koepel van haar wat lankal
Prisonier is van jou triomf, geboei in liefde se kettings,
Vaster verstrik in Aron se betorende oë
As wat Prometheus verstrik is in Kaukasiese kettings.
Weg met slaafse vodde en kruiperige denke!
Ek sal helder wees, en skitter van pêrels en goud
Om hierdie nuut-geskape keiserin te bedien.
Bediën, sê ek? om met die koningin te baljaar,
Die godin, die Semiramis, hierdie nimf,
Hierdie sirene wat Rome se Saturninus gaan begoël
En sy skip gaan verpletter, net soos dié van sy ryk.
Hokaai! Wat se storm is *dit* nou?
Hy gee pad.
Chiron en Demetrius op, baie spoggerig.

DEMETRIUS

Chiron, jou jare soek nog begrip, jou begrip vra insig

En maniere voor jy in my slaai kan kom krap,
Daardie slaai wat, sover jy weet, my reeds toekom.

CHIRON

Demetrius, jy sit in alles op my kop,
En ook in dit wil jy my beïndruk met jou grootpraterij.
Die verskil tussen ons van 'n jaar of twee
Maak my nie minder minsaam nie, nog begunstig dit jou;
Ek is net so kapabel en geskik soos jy
Om my minnares te dien en haar grasia te verdien,
En dit sal my swaard hier vir jou spel
En my passie vir Lavinia se liefde vir jou beskryf.

ARON

Mense, kom kyk! hierdie minnaars soek baklei.

DEMETRIUS

Kyk, japsnoet, al het ons moeder uit dwaasheid
Vir jou 'n danswaardjie aan jou sy gegee,
Is jy nou so wanhopig dat jy jou vriende dreig?
Gaan speel; plak daardie plankie aan jou skede vas met gom
Tot jy weet hoe om dit te hanteer.

CHIRON

Intussen, meneer, sal ek hier vir jou wys
Wat ek met my bietjie vaardigheid reeds kan doen.

DEMETRIUS

Ja, toe nou, knaap, is jy so roekeloos?
Hulle trek hul swaarde.

ARON

Stap vorentoe.
Wag 'n bietjie, hanc!
Hoe durf julle so vlak by die paleis jul swaarde trek
En so oop en bloot hier stry?
Ek weet goed genoeg waarom die onenigheid is:
Selfs vir 'n miljoen goudstukke
Sou ek nie wou dat die betrokkenes van die oorsaak weet,
En julle moeder sal nie aan die hof verneder wil word
Al is dit ook vir veel meer.
Skaam julle! Hou op!

DEMETRIUS

Nie voordat ek my rapier
In sy bors gebêre het nie, en veral

Daardie skandalige praatjies wat hy tot my skande
Hier gebesig het weer teruggeprop het in sy keel.

CHIRON

Daarvoor wag ek, ek is reg vir jou,
Jou vuilbek lafaard wat met die tong groot geluide maak
En dit nie waag om jou wapen te gebruik nie!

ARON

Basta, sê ek!
By al die gode deur oorlogsugtige Gote aanbid,
Hierdie belaglike geskil gaan almal van ons laat bars.
Menere, dink julle dan nie daaraan hoe gevaarlik
Dit is om op 'n prins se grond te oortree nie?
Wat, is Lavinia dan so ligtekooi
Of Bassianus so ontaard
Dat julle oor haar liefde rusie kan maak
Sonder bedwang, geregtigheid of wraak?
Jong here, pas op – as die koningin moes weet
Oor wie so vals gesing word, dan word 'n ander wysie gehoor.

CHIRON

Dit skeel my niks, al weet sy en die hele wêreld daarvan;
Meer as die hele wêreld het ek Lavinia lief.

DEMETRIUS

Snuiter, jy sal moet leer om laer te mik:
Lavinia is jou ouer broer se teiken.

ARON

Wat, is julle mal? Of besef julle nie hoe moeilik
En kort van draad hulle in Rome kan wees
En hoe hulle geen wedyweeraars in die liefde duld?
Ek sê vir julle, here, julle grawe jul eie grafte
Op dié manier.

CHIRON

Aron, ek is bereid om duisend maal
Te sterf om haar wie ek liefhet te wen.

ARON

Om haar te wen! Hoe?

DEMETRIUS

Hoekom is dit vir jou so vreemd?
Sy is 'n vrou, dus kan mens na haar vry;
Sy is 'n vrou, dus kan mens haar verkry;

Sy is Lavinia, dus moet ek haar bemin.
Kyk, man! Daar glip meer water verby die meule
As wat die meulenaar van weet; en dis maklik
Om van 'n gesnyde brood 'n snytjie te gaps, ons weet:
Al is Bassianus ook die keiser se broer,
Wakkerder as hy het al die horings gedra.

ARON

(In sy mou)

Ja, en al is Saturninus ook hoe wakker . . .

DEMETRIUS

So, hoekom moet verloor as jy weet hoe om aan te lê
Met soet woorde, mooi ogies en onbekrompenheid?
Wat, het jy nie dikwels 'n bokkie neergetrek
En haar onder die opsigter se neus ontvoer nie?

ARON

Nou ja, dit lyk of 'n vinnige vergryp of so
Julle goed te staan sal kom.

CHIRON

Ja, as die staan maar net kom lê.

DEMETRIUS

Aron, dis binne-in die kol.

ARON

As jy ook die skoot kon skiet!
Het ons nou nie genoeg van hierdie gedoente gehad nie?
Luister, luister na my – is julle dan so dom
Om hieroor te stry? Sal dit julle aanstoot gee
As elkeen sy knippie kry?

CHIRON

Waaragtig, my is dit om't ewe.

DEMETRIUS

Vir my ook, solank ek maar iets kry.

ARON

Kom nou, wees vriende; span saam vir dit wat jul betwis.
Listigheid en streke moet dit waarna julle mik
Laat swik, en julle besluit moet wees:
Dat as julle iets nie na wense kan bereik
Julle tog die beste van die saak moet maak.
Laat ek vir julle sê: Lucretia is niks meer kuis
As Lavinia, Bassianus se geliefde nie.

Ons moet nie doekies omdraai nie, maar 'n vlugger uitweg soek
 En dit volg, en ek het daardie weg gevind.
 My here, 'n plegtige jagtog is op hande;
 Die lieflike Romeinse dames sal in kuddes soontoe stroom:
 Die woudpaadjies is wyd en ruim
 En daar is baie afgesonderde plekkies daar
 Deur die natuur ingerig vir verkragting en skurkery:
 Keer hierdie sierlike hert-ootjie daarnatoe uit
 En stamp haar met geweld as woorde dit nie kan doen;
 Langs hierdie weg lê jul enigste kans, anders nie.
 Kom, kom ons gaan vertel ons keiserin wat ons
 Alles in die mou voer; haar wysheid is opgedra
 Aan gemeenheid en weerwraak,
 En sy sal ons sinne skerper slyp met advies
 Wat nie ruimte sal laat vir julle onderlinge twis
 Maar beide na julle wense se hoogtes sal voer.
 Die keiser se hof is soos die Huis van Gerugte,
 Die paleis mondvol tonge, van oë en ore;
 Die woud is harteloos, ontsettend, doof en bot:
 Praat dáár, en jol, brawe seuns, vat elkeen 'n draai;
 Gee daar, behoed teen die hemel se oog, aan wellus skiet
 En kerjaker en rinkink in Lavinia se skatkis.

CHIRON

Jou raad vriend, ruik nie na lafhartigheid nie.

DEMETRIUS

„Sit fas aut nefas” ‚Reg of verkeerd’ – tot ek die stroom vind
 Waarin ek hierdie hitte af kan koel, 'n doepa om my stuipe
 Te kalmeer. „Per Stygia, per manes vehor” – is ek reg
 Vir duiwel en hel!
Hulle gaan.

TONEEL II

'n Oop plek in 'n bos digby Rome. Titus Andronicus, sy drie seuns en Marcus, op; daar is die geluide van jaghonde en blaashorings.

TITUS

Die jag is te voet, die oggend is blink en blank
 Die velde ruik lekker en die bosse is groen:

Saal hier af en laat die honde blaf;
Maak die keiser en sy lieflike bruid wakker,
Wek die prins en laat klink 'n jagter se geroep
Dat die hele hof weergalm van die klank.

Seuns, laat dit julle plig, net soos ons s'n, wees
Om self en versigtig na die keiser om te sien:

Ek het onrustig geslaap vannag,

Maar die dagende dag het nuwe troos gebring.

Hier die skril blaftjanke van honde, en windinstrumente se noot; dan kom Saturninus, Tamora, Bassianus, Lavinia, Chiron, Demetrius met hulle gevolg op.

Baie goeie môres vir U Majesteit!

Madame, vir jou net so baie en net so goed!

Ek het U Edele 'n jagter se wekroep beloof.

SATURNINUS

En die heuwels het antwoord gegee, here;

Dalk 'n bietjie te vroeg vir pasgetroude dames?

BASSIANUS

Lavinia, wat sê jy?

LAVINIA

Ek sê nee;

Ek is al meer as twee uur nugter wakker.

SATURNINUS

Komaan, dan, gee ons perde en koetse

En laat die sport begin.

Aan Tamora

Madame, nou sal jy sien

Hoe ons Romeine jag.

MARCUS

My honde, my heer,

Sal die trotsste luiperd uit sy lêplek jaag

En klim tot op die hoogste heuweltop.

TITUS

En ek het perde wat oral op die wild

Se hakke sal bly, en soos swaels oor die vlaktes skeer.

DEMETRIUS

Chiron, ons jag nie met perd of hond,

Maar hoop om 'n sierbökkie neer te pluk op die grond.

Almal af.

TONNEEL III

Aron alleen op, met 'n sak goud

ARON

Hy wat verstand het sal dink ek is gek
Om soveel goud onder 'n boom in te lê
En nooit weer munt daaruit te slaan.
Laat hy wat so sleg van my dink,
Besef dat die goud belegging is vir 'n streek
Wat, as dit skelm genoeg is, 'n uitmuntende
Stukkie varkerigheid sal kweek:
Rus soetjies, goud, vir die onrus van hulle wat
Hul aalmoese hier in die keiserin se kis kom vat.
Hy versteek die goud.

Tamora kom alleen op na die Moor

TAMORA

My lieflike Aron, waarom so 'n triestige gesig
As alles omheen so opgetoë pronk?
Die voëls kwispel deuntjies op ieder struik,
Die slang lê ronduit voltrek in die son se blye lig,
Die groen blare skud in die koelerkoelende bries
En skud witswart skaduwees uit op die grond:
Laat ons, Aron, in hul soet koeltes sit
En terwyl die babbelbek eggo die honde tart
Met skril weerwoorde op die ingestemde horings,
Asof mens terselfdertyd 'n jag-en-sy-skadu hoor,
Laat ons hier sit en hul tjankende gekef aanstreep;
En na 'n worsteling, soos dié wat, na oorlewering,
Dido en haar swerwer-prins ook eens kon geniet
Toe hulle deur 'n gelukkige storm verras is
En agter gordyne van 'n geheimhoudende grot kon gaan,
Mag ons, elk omstrengel deur die arms van die ander
Ons tydverdryf bedryf, 'n goue sluimering besit
Wyl honde en horings en soet harmonieuse voëls
Oor ons sal daal soos 'n kindermeisie se gesing –
'n Wiegelied om haar baba in slaap se land te bring.

ARON

Madame, hoewel Venus jou begeertes beheers
Is Saturninus baas oor myne;

Wat beteken my doodelik gemikte oog,
 My swye en my stroewe swartgalligheid,
 My bossiekop wolhare wat nou die krul verloor
 Net soos 'n adder sy kromming tot 'n boog
 Breekspan om iets of iemand te vermoor?
 Nee, madame, dis nie die tekens van die liefde nie:
 Wraaksug is in my hart, die dood broei in my hand,
 Bloed en wraak hamer in die tempels van my kop.
 Hoor nou, Tamora, keiserin van my gees
 Wat geen beter hemel vra as die wat in jou mag wees.
 Vandag is die dag van verdoemenis vir Bassianus:
 Sy Philomel* moet vandag haar tong opsê,
 Jou seuns moet haar prille kuisheid plunder en stroop
 En hulle hande was in Bassianus se bloed.
 Sien jy die brief? neem dit, ek vra jou mooi
 En gee vir die koning hierdie noodlot-beplande rol.
 Vra my niks meer nie; ons word bespied;
 Hier kom die voorsmaak van ons buit aangeloop
 Wat nog nie die verwoesting van hul lewens vermoed.
Bassianus en Lavinia op.

TAMORA

A, my liewe Moor, soeter as die lewe in my keel!

ARON

Dis genoeg, my koningin, Bassianus is hier.
 Lok hom uit tot 'n rusie, en ek gaan haal jou seuns
 Om party te trek vir jou, ongeag die twis.
Hy gaan.

BASSIANUS

Wie tref ons hier aan? Rome se vorstelike keiserin
 Sonder geleide van haar welvoeglike trop?
 Of is dit Diana, soos sy vermom
 Wat haar heilige bos verlaat het
 Om na die generaal wat in hierdie bos jag, te komloer?

**Philomel* of *Philomela* – 'n onderliggende tema waarna deurgaans verwys word.
Tereus het sy vrou *Progne* se suster *Philomela* verkrag en haar tong uitgesny. Sy is
 in 'n toring opgesluit, maar kon haar verhaal vertel d.m.v. 'n wantdapyt. Toe
Progne die waarheid so verneem het sy *Itylus* – haar en *Tereus* se seun – vermoor
 en hom aan die vader opgedis. Die gode het haar verander in 'n swaeltjie, vir
Itylus in 'n fisant, *Tereus*, in 'n hoep-hoep, en *Philomela* in 'n nagtegaal.

TAMORA

Jou parmantige bemoeisieke met my private uitstappies!
Had ek die mag wat Diana veronderstel was om te hê
Dan was jou slape hier op die plek met horings
Deurboor, net soos Actaeon* s'n was; en die honde
Sou hulself op jou pas-mismaakte ledemate werp,
Buffelagtige indringer wat jy is.

LAVINIA

Agter jou lankmoedigheid, sagte keiserin, word vermoed
Dat daar 'n aansienlike aanleg vir horings opsit lê,
En die twyfel is daar dat jy en jou Moor
Afgedwaal het om te eksperimenteer.
Mag God vandag jou eggenoot teen sy eie honde beskerm!
Dit sal jammer wees as hulle hom met die bok verwar.

BASSIANUS

Glo my, koningin, jou blas Cimmeriër
Vlek jou eer met die tint van sy lyf
Besoedel, verafsku en gruwelik.
Waarom is jy afgesonder van jou gevolg,
Het jy afgeklim van jou sneeuwit flinke ros,
Het jy afgedwaal na hierdie afgeleë plek in die bos
Vergesel alleen van 'n barbaarse Moor
As dit nie smerige drif is wat jou aandryf nie?

LAVINIA

En dat jy in jou vermaak gesteur is, is
Die rede waarom jy my edele heer as voorbarig
Uitskel. Ek versoek jou, laat ons gaan
Sodat sy plezier kan put uit haar kraaikleur geliefde;
Die vallei is uitstekend geskik vir daardie doel.

BASSIANUS

My broer die koning se ore sal hiervan hoor.

LAVINIA

Ja, want hierdie misstappe maak hom reeds oorbekend;
Dat ons goeie koning so magtig bedrieg moet word!

*Actaeon het afgeloer toe Diana en haar nimfe nakend gaan swem het en as straf is hy in 'n bok verander en deur sy eie jaghonde verskeur. Die „horings opsit” verwys natuurlik na owerspel.

TAMORA

Kyk, ek het die geduld om dit alles te verdra.
Chiron en Demetrius op.

DEMETRIUS

Wat gaan hier aan, liewe moeder en vorstin?
Waarom lyk u hoogheid so bleek en naar?

TAMORA

Dink jy ek het nie rede om so bleek te lyk nie?
Die twee hier het my hiernatoe gelok:
'n Kaal, verfoeilike dal soos julle kan sien;
Hoewel dit somer is, is die bome verlate en skraal,
En mos en verderflike voënt het die oorhand gekry.
Hier skyn die son nooit, niks kan hier teel
Tensy dit nag se uil is, of die dood se kraai;
En toe hulle my die veragte kuil gewys het,
Het hulle gesê – hier, as die nag op haar eie as draai
Sal 'n duisend duiwels, 'n duisend sissende slange,
Tienduisend opgeblaaide platannas, en net soveel krimpvarke
So afgryflik en so deurmekaar lawaai
Dat enige lewende siel wat dit hoor
Dadelik mal sal word, of op die plek dood neer sal slaan.
En net nadat hulle my vertel het van hierdie hel
Het hulle gedreig om my onmiddelik vas te bind
Aan die stam van 'n aaklige taksus
En my oor te lewer aan hierdie ellendige dood.
En toe het hulle my 'n viese egbreekster genoem,
Ontugtige Goot, en al die bitterste vloekwoorde
Wat 'n mense-oor nog ooit aan moes hoor.
As julle nie op groot geluk hierlangs gekom het nie
Dan het hulle hierdie wraak op my uitgevoer.
Wreek dit as julle jul moeder se lewe bemin
Of so nie noem ek julle nooit weer my kinders nie!

DEMETRIUS

Hiermee betuig ek ek is jou seun.
Hy steek Bassianus.

CHIRON

En *dis* vir my; vat so! laat ek my krag vir jou wys.
Hy steek Bassianus insgelyks.

LAVINIA

Ja, kom, Semiramis, nee, barbaarse Tamora!
Want net jou eie naam kan by jou geaardheid pas!

TAMORA

Gee daardie dolk vir my! julle sal sien, my seuns,
Hoe julle moeder se hand haar onregte reg sal stel.

DEMETRIUS

Wag, madame, sy kry meer as *dit*:
Laat ons die koring eers dors voor ons die strooi verbrand.
Hierdie flikflooiër het aangedring op haar reinheid,
Op haar bruilofseed en haar getrouheid,
En met daardie geverfde hoop trotseer sy jou magtigheid:
Sal sy dit dan saam met haar graf toe dra?

CHIRON

As sy *dit* doen, wens ek ek was ontman.
Sleep haar man duskant toe en gooi hom in 'n geheime gat,
En laat sy dooie romp 'n kussing wees vir ons sinlike lus.

TAMORA

Maar, so gou jy die heuning het waarna ons smag,
Moet hierdie wesp sterf, anders steek sy ons.

CHIRON

Ek verseker jou, madame, ons sal daarvoor sorg.
Kom, meesteressie, ons sal nou noodgedwonge
Jou lekker hokgeslane eerlikheid geniet.

LAVINIA

O Tamora! jy het die gelaat van 'n vrou

TAMORA

Ek wil nie na haar luister nie; vat haar weg!

LAVINIA

Goedwillige here, versoek haar tog om my te laat praat.

DEMETRIUS

Aan Tamora

Luister, skone dame, laat dit tot jou heerlijkheid
Strek om haar trane te sien, maar laat jou hart
Dit onwrikbaar weerstaan, soos vuurklip die druppels reën.

LAVINIA

Sedert wanneer skryf die tierwelpies aan hul moerwyfie voor?
Ag, leer haar geen boosheid nie, julle s'n kom hoeka van haar.
Die melk wat julle uit haar gesuipt het, het marmer geword,

Julle had julle tirannie reeds aan die tet.
Tog, 'n moeder se seuns is nie almal eenders nie.

Aan Chiron

Vra jy vir haar om my 'n vrou se genade te betoon.

CHIRON

Wat, wil jy hê ek moet voorgee dat ek
'n halfnaatjie is?

LAVINIA

Dis waar, die raaf broei mos nie 'n lewerik uit nie:
Tog, ek het gehoor – ag, as ek dit nou kon vind!
Dat die leeu deur medelye aangespoor, geduld het
Dat sy koninklike kloue kort afgeknip word;
En sommige beweer dat rawe weeskinders versorg
Terwyl hul eie kinders in die nes verhongers.
Ag, al sê julle harte nee, julle hoef nie goed
Vir my te wees nie; wees net jammerhartig!

TAMORA

Ek weet nie wat dit beteken nie; weg met haar!

LAVINIA

Laat ek jou dan leer, ter wille van my vader
Wat jou gespaar het toe hy jou so maklik om kon bring.
Moenie jou hart verhard nie, maak jou dowe ore oop.

TAMORA

Selfs al had jy my nooit aanstoot gegee nie,
Dan is ek nog vir sy onthalwe genadeloos.
Onthou, my seuns, dat ek verniet gehuil het
Om julle broer van die offerpaal te red,
Want die woeste Andronicus wou nie kopgee nie;
Daarom, neem haar en maak met haar wat julle wil:
Hoe slegter dit haar toegaan, hoe blyer maak julle my.

LAVINIA

Omhels Tamora se knieë

O, Tamora, laat hulle jou 'n sagte koningin noem,
En maak my met jou eie hande net hier dood,
Want dis nie vir my lewe wat ek by jou pleit nie:
Armsalige ek het reeds saam met Bassianus geval.

TAMORA

Waarvoor bedel jy dan, my liewe vrou? los my.

LAVINIA

Dis 'n onmiddellike dood wat ek vra, en een guns meer –
Maar vroulikheid vermy dat my tong dit sou sê.
Ag, vrywaar my tog hul wellus erger as die dood;
Gooi my liewer in 'n walglike gat
Waar 'n man se oog nooit weer oor my liggaam sal vat;
Doen net dit vir my, en wees 'n mensliewende moordnares.

TAMORA

Sal ek my seuns so van hul beloning beroof?
Nee, laat hul hul drifte in jou les.

DEMETRIUS

Weg! Jy het ons lank genoeg hier opgehou.

LAVINIA

Geen genade? Geen vroulikheid? A, dierlike skepsel,
Die vyand en die vlek op ons geslag se naam!
Mag die vloek van verwarring –

CHIRON

Hy snoer haar mond.

Nou ja, dan stop ek jou mond toe. Bring jy haar man:
In hierdie gat het Aron gesê moet ons hom wegsteek.
*Demetrius stoot die lyk in 'n put en bedek dit dan met takke; daarop
sleepdra die twee Lavinia tussen hulle af.*

TAMORA

Vaarwel, my seuns; sorg dat julle haar angel pluk.
Mag my hart nooit weer van ware vreugde ruk
Voor al die Andronici uit die weg geruim is nie.
Nou sal ek na my lieflike Moor gaan soek
Terwyl my lustige seuns hierdie slet vervloek.
Sy gaan
Van die teenoorgestelde kant kom Aron met Quintus en Martius op.

ARON

Kom, my here, sit die beste voet voor!
Ek bring vir julle tot vlak voor die afgryse hool
Waar ek die luiperd sien lê slaap het.

QUINTUS

My oë is baie dof, wat dit ook mag voorspel . . .

MARTIUS

Myne ook; ek sê vir jou, as dit nie lyf wegsteek was nie
Sou ek hier vir 'n wyle 'n uiltjie wou knip.

Hy val in die put

QUINTUS

Wat, het jy geval? Watter listige gat is dit
Dié met die bek bedek met woeste doringstruike,
En op die blare hierdie druppels bloedvars bloed
So vars soos môredou afgedruppel op blomme?
Dit lyk vir my na 'n plek van voerspooksele.
Sê my, broer, het jy jousele beseer met die val?

MARTIUS

Ag, broer, beseer deur die droewigste ding
Wat die oog nog ooit die hart kon van laat kla.

ARON

(Nou sal ek die koning gaan haal
Sodat hy self hier kan raai
Wie sy broer in die sloot gehelp het.)
Aron af.

MARTIUS

Hoekom gee jy my nie jou hand om my uit
Hierdie onheilige, bloedbespate penarie te help nie?

QUINTUS

Ek is verbyster deur 'n grieselige vrees;
'n Yskoue sweet pêrel oor my rittelende litte:
My hart vermoed meer as wat my oog durf sien.

MARTIUS

Om jou te wys hoe goed jou hart voorspel –
Kyk jy en Aron af in hierdie hool,
En aanskou die verskriklike gemors van bloed en dood.

QUINTUS

Aron het verdwyn, en my medelydende hart
Verbied my oë om te kyk na daardie ding,
Want die blote gissing laat die hart reeds tril.
Ag, sê my wie dit is, want nog nooit vantevore
Was ek soos 'n kind so bang voor die ongekende nie.

MARTIUS

Die heer Bassianus lê hier op 'n hophie
Geklee in sy bloed, net soos 'n lam geslag
In hierdie gehate bloedsuipende put.

QUINTUS

Hoe kan jy in die donker sien dis hy?

MARTIUS

Aan sy bloederige vinger dra hy
'n Kosbare ring wat hierdie hele gat verhelder,
Wat soos 'n waspit in een of ander monument
'n Skynsel op die dooie se aardse wange werp
En flits oor die verskeurde derms van die kuil:
So bleek het die maan oor Pyramus geskyn
Daardie nag toe hy gebaai moes lê in maagdebloed.
O, broer, help my met jou swakke hand –
As die vrees jou ook beswym het, soos vir my –
Help my uit hierdie fel, verblindende kelder,
So haatlik soos die Hel se mistige muil.

QUINTUS

Gee my jou hand, dat ek jou uit kan help,
Of, as die krag my ontbreek om jou so tot hulp te snel,
Dat ook ek na benede stort in die verswelgende skoot
Van die diep gat, arme Bassianus se graf.

Hy beur

Ek is te swak om jou tot op die rand te trek.

MARTIUS

En ek te swak om uit te klim sonder jou hulp.

QUINTUS

Jou hand nog 'n keer, ek sal nie weer laat los
Tot jy hier bo is nie, of ek daar onder:

Hy probeer weer.

Jy kan nie na my toe kom nie, ek kom af.

Hy tuimel in die gat.

Die Keiser en Aron die Moor op.

SATURNINUS

Kom saam met my! Ek wil sien watter gat dit is
En wie dit is wat daar ingespring het.
Sê my, wie is jy wat nou net afgedaal het
In hierdie gapende grot in die grond?

MARTIUS

Die ongelukkige seuns van ou Andronicus
Op die mees ongeskikte uur hiernatoe gebring
Om jou broer Bassianus hier dood aan te tref.

SATURNINUS

My broer dood! Ek weet julle skeer die gek;

Hy en sy vrou is albei in die jaghuis
Aan die noordekant van dié aangename jagveld;
Dis skaars 'n uur sedert ek hul daar verlaat het.

MARTIUS

Ons weet nie waar jy hul in lewende lywe verlaat het nie,
Maar helaas! helaas! hier het ons hom dood gekry.

Tamora, Andronicus en Lucius op

TAMORA

Waar is my heer die koning?

SATURNINUS

Hier, Tamora; gevang in die kloue van 'n dodelike smart.

TAMORA

Waar is jou broer, Bassianus?

SATURNINUS

Nou dring jy deur tot in die wese van my wond;
Arme Bassianus lê hier vermoor in die grond.

TAMORA

Dan kom ek te laat met die noodlottige skrif,
Die knoop van hierdie ontydige tragedie;
En dit verbaas my baie dat 'n mens se gesig
So 'n moordadige tirannie tot 'n skynlag kon plooi.
Sy oorhandig 'n brief aan Saturninus.

SATURNINUS

Lees.

„En as ons hom nie op 'n geleë plek ontmoet,
Liewe jagter, dis Bassianus na wie ons mik,
Sal jy asseblief 'n graf vir hom graaf?
Jy weet wat ons bedoel; soek jou vergoeding
Tussen die brandnetels onder die vlierboom
Wat droom oor die ingang van daardie selfde gat
Waarin ons besluit het om Bassianus toe te gooi.
Doen dit en ons sal ewig jou vriende wees.”
O, Tamora, het jy ooit die gelyke hiervan gehoor?
Hier is die put, en dis die vlierboom.
Vriende, kyk of julle die jagter in die hande kan kry
Wat veronderstel was om Bassianus hier te vermoor.

ARON

My genadige heer, hier is die sak goud.

Hy ontdek dit.

SATURNINUS

Aan Titus.

Twee van jou welpes, wrede, bloedaardige smeerlappe
Het my broer hier van sy lewe beroof.
Here, sleep hulle uit die kuil tronk toe
En laat hulle daar in kettings lê totdat ons
'n Ondenkbare folterpyn vir hulle bedink het.

TAMORA

Hoe nou, is hulle hier in die gat?
O, hoe wonderlik is dit!
Hoe maklik word moordenaars in hul moord verstrik!
Die gevangenes word uit die gat gehelp.

TITUS

Hoë Keiser, op my ou swak knieë smee ek
Vir hierdie guns, met trane wat ek nie dikwels huil,
Dat hierdie wilde misdaad van my vervloekte seuns,
Vervloek, as dit bewys kan word dat dit hul –

SATURNINUS

Bewys kan word! jy sien tog dat dit vanselfsprekend is.
Wie het hierdie brief gevind? Tamora, was dit jy?

TAMORA

Andronicus het dit self opgetel.

TITUS

Dis waar, my heer; tog, laat hul op my verantwoordelikheid vry,
Want ek sweer by my vadere se eerwaardige graf
Dat hulle gereed sal wees wanneer U Edele dit wil
Om met hulle lewens op die verdenkinge te antwoord.

SATURNINUS

Jy staan nie vir hulle borg; sorg dat jy ons volg.
'n Paar van julle, bring die vermoorde lyk; die ander
Die moordenaars:
Ek wil geen woord van hulle hoor; die skuld skreeu ten hemele;
Want, so by my siel, as daar 'n verskrikliker straf as dood
Kan wees sal ons daardie straf aan hulle toedeel.

TAMORA

Andronicus, ek sal by die koning soebat;
Moenie vir jou seuns vrees nie, hulle sal goed genoeg
daarvan afkom.

TITUS

Kom, Lucius, kom; moet nie met hulle bly praat nie.
Almal af.

TONEEL IV

Die Keiserin se seuns kom binne, met Lavinia – haar hande en haar tong is afgesny, en sy is onteer.

DEMETRIUS

So, gaan verklik nou, as jou tong kan praat,
Wie jou tong uitgesny het, en wie het jou geskend.

CHIRON

Skryf jou gemoed neer, maak jou bedoeling so bekend,
En speel skrywer, as jou stompies nog strepies kan trek.

DEMETRIUS

Kyk hoe krabbel sy met tekens en gebare.

CHIRON

Gaan huis toe, vra vir reukwater, was jou hande.

DEMETRIUS

Sy het geen tong om mee te roep, nog hande om te was;
Laat sy dan maar haar stil paadjies loop.

CHIRON

As dit my swakheid was, sou ek myself ophang.

DEMETRIUS

As jy maar hande had om die tou te help vleg.
Demetrius en Chiron af.

Marcus op, terug van die jag.

MARCUS

Wie is dit daar? my niggie wat so vinnig vlug!

Niggie, wag, sê my, waar is jou man?

Sy draai haar gesig na hom.

As ek droom, vir al my rykdom sou ek gewek wou word!

En gewek dan, mag 'n ster my hier neervel

Opdat ek 'n ewige slaap mag slaap!

Praat met my, liewe kind, wie se streng onsagte hand

Het jou liggaam gekap en gesnoei en gestroop

Van haar twee takke? daardie sagte tooisels

Met kringende skaduwees waarbinne konings gesmag het om te slaap

Om so heerlik 'n vreugde soos slegs die helfte van jou liefde
 Te mag proe? Waarom praat jy nie met my?
 Helaas! 'n Karmosynrooi rivier van warm bloed
 Soos 'n borrelende fontein deur die wind aangeroer
 Gedy en eb tussen jou rosige lippe,
 Dit kom en dit gaan met jou heuningasem.
 Waaragtig, 'n Tereus het jou maagdelikheid ontsier
 En jou tong uitgesny sodat jy hom nie uit mag wys.
 Ag, nou draai jy uit skaamte jou kop van my weg!
 En ten spyte van al hierdie bloedverlies –
 Soos uit 'n leikanaal met drie uitvloeiende spuiers –
 Is jou wange nog so bloesend soos Titan se gesig
 Bloos as hy die wolke moet ontmoet.
 Sal ek jou woorde dra? Sal ek sê dis so?
 O, kon ek maar jou hart peil en daardie dier herken
 Om teen hom te tier, en so my gemoed laat bedaar!
 Verborgte verdriet, soos 'n versmoorde oond,
 Verkool die hart tot sintels daar waar dit hang;
 Selfs die skone Philomel het net haar tong verloor
 En kon met sukkelende hande haar storie weef.
 Maar, my lieflike niggie, daardie middel is jou ontnem;
 Jy het 'n slinkser Tereus ontmoet
 En hy het daardie mooi vingers wat beter
 As Philomel s'n kon borduur, afgesny.
 O, as daardie gedrog kon sien hoe jou leliewitte hande
 Soos die trilpoplier se blare bewe oor 'n luit,
 En hoe die sysnare hulle met genoeë soen,
 Sou hy vir niks ter wêreld iets daaraan wou doen!
 Of as hy die hemelse harmonie kon hoor
 Wat daardie soete tong op kon toor,
 Sou hy sy mes laat val het en in moes sluimer
 Soos Cerberus aan die Thraciese digter se voete.
 Kom, laat ons gaan en jou vader blindslaan,
 Want so 'n gesig verblind 'n vader se oog.
 'n Uurlange storm versuip die geurigste weiland,
 Wat sal die maande se trane aan jou vader se oë doen?
 Moenie wegsku nie, want ons sal met jou rou:
 Ag, as ons roubeklag maar jou ellende kon salf!
Hulle gaan.

Derde Bedryf

TONEEL I

Die Regters en Senatore op, met Titus se twee vasgebinde seuns, onderweg na die plek van teregstelling, en vooruitgegaan deur Titus, pleitende.

TITUS

Luister na my, belangrike vaders! edele Tribune, wag!
Uit meegevoel met my jare, die fleur waarvan ek gespandeer het
Op gevaarlike oorloë terwyl julle veilig kon slaap;
Vir al my bloed wat ek vir Rome vergiet het,
Vir al die witgerypte nagte wat ek wag moes hou,
En vir hierdie bitter trane wat julle nou hier
Deur die ou plooië van my wange sien loop,
Wees genadig vir my veroordeelde seuns;
Hul siele is nie verrot soos dit beweer word nie.
Vir twee-en-twintig seuns het ek nooit gehuil nie,
Want hulle het in eer se loflike bed gesterf:
*Andronicus gaan lê op die grond
en die Regters gaan hom verby.*
Hiervoor, Tribune, skryf ek in die stof
My hart se diepe vermoënis en my siel se soute trane.
Mag my trane die aarde se droë eetlus bevredig;
My seuns se soete bloed sal dit van skaamte laat bloos.
O aarde, ek sal jou met meer reën bevriend –
Gesuiwer uit hierdie twee tydoue kruike –
As wat jeugdige April met al sy buie kan doen:
In die somer se droogtes sal ek altyd op jou drup,
In die winter sal ek jou sneeu met warm trane dooi,
En die ewige lente op jou aangesig laat leef,
As jy maar weier om my seuns se bloed te drink.
Lucius op, met sy wapens gereed
O eerwaardige Tribune! O goedhartige, gryse here!
Maak my seuns los, herroep die doodvonnis;
En laat ek jul sê – ek wat nooit kon huil –

My trane spreek nou helderder as my woorde.

LUCIUS

O, edele vader, jy weeklaag verniet:
Die tribune hoor jou nie, hier is geen siel,
En jy braak nou jou leed uit oor 'n klip.

TITUS

A, Lucius, laat my vir jou broers tog pleit;
Belangrike Tribune, ek smeeek jul nog 'n keer –

LUCIUS

My goeie heer, geen tribuun hoor jou versoek.

TITUS

Wat maak dit saak, man? Al sou hul my hoor
Sou hul geen ag daarop slaan, of al sou hul op my let
Sou hul nog geen genade hê, en tog moet ek pleit –
So sonder skoene in die stof.

Daarom vertel ek my verdriet aan die klippe
Wat, hoewel hul my nie uit my nood kan verlos,
Op 'n manier tog beter as die tribune is,
Want hulle sal my tranesang nie onderbreek.
Wanneer ek ween, ontvang hulle nederig aan my voete
My trane en dit lyk asof hulle saam met my ween.
En was hulle maar in stroewe rouklere geklee
Dan sou Rome hul gelyke in tribune nie kon bekostig.
'n Klip is sag soos was, tribune harder as steen.
'n Steen swyg, en gee geen aanstoot nie,
En tribune se tonge verdoem mense tot die dood.

Kom weer op sy voete.

Maar waarom staan jy daar met jou wapen getrek?

LUCIUS

Omdat ek my twee broers van hul dood wou red;
En vir daardie poging het die regters
My verban tot ewigdurende ballingskap.

TITUS

O gelukkige man! Hulle het jou 'n guns gedoen.
Dwase Lucius, sien jy dan nie in
Dat Rome net 'n wildernis vir tiere is nie?
Tiere moet roof, en Rome bied geen ander buit
As ek en myne nie; hoe gelukkig is jy tog nie
Om van hierdie opvreter weggestuur te word!

Maar wie is dit wat broer Marcus hierheen lei?

Marcus op, met Lavinia.

MARCUS

Titus, berei jou ou oë voor om te huil,
Of so nie, jou edele hart om te breek;
Ek bring verterende verdriet vir jou grys jare.

TITUS

Sal dit my jare knak? Laat my dan sien.

MARCUS

Dit was jou dogter.

TITUS

God, Marcus, dis waar.

LUCIUS

O mensdom! dié gesig is my dood!

TITUS

Jou slap papbroek, staan op en kyk na haar,
Praat, Lavinia, watter vervloekte hand
Stuur jou sonder hande na jou vader terug?
Watter gek het water by die see gaan gooi,
Of vuurhout na hel-brandende Troje gebring?
My smart was volkome voor jy gekom het,
En nou, soos die Nyl, ken dit geen oewers meer.
Gee my 'n swaard; ek kap my hande ook af,
Want hulle het vir Rome geveg, en dit tevergeefs;
En toe hulle lewe gevoed het, het hul die wee verpleeg;
Sonder skoene het ek hulle in gebed hoog gehou,
En hulle het my gedien in 'n vrugtelose diens.
Al bruikbaarheid wat ek nou nog van hul vra
Is dat die een mag help om die ander vry te sny.
Dis goed, Lavinia, dat jy geen hande meer het,
Want hande om Rome te dien, is nutteloos.

LUCIUS

Praat, liewe suster, wie het jou vermink?

MARCUS

O, daardie verruklike speeltuig van haar gedagtes
Wat hul met soveel innemende welsprekendheid kon babbel,
Is uit daardie fraai en hol koutjie geskeur
Waar dit soos 'n mooi melodieuse voël soet
En veelsoortige note gesing het, betowerend vir elke oor.

LUCIUS

Praat jy dan namens haar; wie het dit gedoen?

MARCUS

So het ek haar deur die park sien dwaal,
Waar sy haarself wou versteek, soos 'n hert dit doen
As sy 'n ongeneslike wond gekry het.

TITUS

Sy was my bokkie, en hy wat haar gekwes het
Het my dieper seergemaak as wat die dood kon doen:
Want nou staan ek alleen soos een wat op 'n rots
Omgeef deur 'n woesteny van see
Sien hoe die inkomende gety brander na brander styg
En deurentyd wag dat 'n boosaardige golf
Hom in sy pekelbitter ingewande sluk.
Hierlangs is my miserabele seuns verby,
Hier staan my ander seun, 'n verbanne man,
En hier my broer, om my leed met my te deel;
Maar dit wat my siel die grootste slag gee
Is liewe Lavinia, lief as my siel.
Selfs al het ek net 'n prent van jou in dié aaklige
Toestand gesien, sou ek mal word; wat sal ek doen
Noudat ek jou lewende lyf so aanskou?
Jy het geen hande om jou trane weg te vee,
Geen tong om te vertel wie jou so gemartel het:
Jou eggenoot is dood, en vir sy dood
Is jou broers veroordeel, en nou reeds dood.
Kyk Marcus! A, Lucius, my seun, kyk na haar!
Toe ek haar broers genoem het, het vars trane
Oor haar wange gevloei soos die heuningdou
Op 'n geplukte halfverlepte lelie.

MARCUS

Dalk huil sy omdat hulle haar man vermoor het,
Dalk omdat sy weet hulle is onskuldig.

TITUS

As hul jou man vermoor het, wees dan bly,
Want die wet het daardie moord gewreek.
Nee, hulle sou nooit so 'n misdaad pleeg nie;
Hul suster se verdriet sal hiervan getuig.
Sagte Lavinia, laat ek jou lippe kus,

Of beduie vir my hoe ek jou pyn kan verlig.
Sal jou goeie oom, en jou broer Lucius,
En jy, en ek rondom 'n fontein gaan sit
En almal afkyk ondertoe om te sien hoe
Ons wange gevlek is, soos landerye nog nat
Van modderige slym deur 'n storm daar gelaat?
Sal ons dan só lank in die fontein staar
Dat daardie klaarheid haar vars smaak verloor
En 'n pekelpot word van ons bitter trane?
Of sal ons ons hande wegknip soos joune?
Of sal ons op ons tonge byt en met stom gebare
Die oorskiet van ons veragtelike jare deurbring?
Wat sal ons doen? Laat ons wat nog tonge het
'n Sameswering van verdere ellende bedink
Wat almal eendag verbysterd sal laat.

LUCIUS

Liewe vader, troos jou tog nou; kyk net
Hoe jou smart my suster laat snik en huil.

MARCUS

Geduld, my liewe niggie. Goeie Titus,
Droog jou oë af.
Hy bied sy sakdoek aan.

TITUS

Ag, Marcus, Marcus! broer, ek weet goed genoeg
Jou sakdoek kan geen trane van my drink,
Want jy, arme man, het dit met joune deurdrenk.

LUCIUS

Ag, my liewe Lavinia, ek sal jou trane afdroog,
Hy bied sy sakdoek aan; sy weier met haar kop.

TITUS

Kyk, Marcus, kyk! Ek verstaan haar gebaar:
As sy 'n tong had om te praat, sou sy nou
Vir haar broer dieselfde sê wat ek gesê het vir jou:
Sy sakdoek, met sy opregte trane benat
Is van geen nut vir haar treurige wange nie.
O, watter meegevoel van rampe is dit dié!
Net so ver van hulp as wat vergetelheid van saligheid is!
Aron die Moor op, alleen.

ARON

Titus Andronicus, my heer die keiser
Stuur jou die boodskap, dat as jy jou seuns bemin
Moet Marcus, Lucius of jy self, ou Titus,
Of enigeen van julle, 'n hand af laat kap
En aan die koning besorg: in ruil daarvoor sal hy
Albei jou seuns lewendig hiernatoe stuur,
En dit sal die losprys vir hul misdaad wees.

TITUS

O genadige Keiser! O saggeaarde Aron!
Het 'n raaf ooit so soos 'n lewerik gesing
As dié die rosige tyding van 'n sonopkoms bring?
Met my ganse hart stuur ek die koning my hand.
Liewe Aron, sal jy my help om dit af te kap?

LUCIUS

Wag, vader, daardie adelijke hand van jou
Wat so baie vyande omvergegooi het
Sal nie gaan nie; my hand sal die doel beter dien,
My jeug kan beter as jou jare die bloed ontsien,
Daarom sal myne my broers se lewens wen.

MARCUS

Wie van julle se hand het Rome nie beskerm
En die bloederige strydbyl hoog gelig
Om verwoesting oor die vyand se kasteel te skryf?
O, albei van julle se hande is veel meer werd;
My hand was altyd ledig; laat dit dien
Om my broerskinders van hul dood los te koop,
Dan het ek dit vir 'n goeie doel bewaar.

ARON

Kom nou, wees dit eens oor wie se hand moet gaan
Opdat hulle nie sterf voor hul grasie kom.

MARCUS

My hand sal gaan.

LUCIUS

Ek sweer dit sal nie gaan nie.

TITUS

Menere, wedywer nie meer; verdorde bossies soos hierdie
Is gereed om uitgeroei te word, daarom is dit myne.

LUCIUS

Liewe vader, as ek as jou seun beskou moet word,
Laat dit ék wees wat my broers van die dood bevry.

MARCUS

En, ter wille van ons vader, en moeder se besorgheid,
Laat my jou nou 'n broer se liefde betoon.

TITUS

Geraak tot 'n ooreenkoms, ek sal my hand bespaar.

LUCIUS

Dan sal ek 'n byl gaan haal.

MARCUS

Maar ek sal daardie byl gebruik.

Lucius en Marcus in aller yl af.

TITUS

Kom hier, Aron. Ek sal altwee verneuk;
As jy hier hand bysit sal ek jou my hand gee.

ARON

Tersy.

(As dit bedrog genoem word, sal ek eerlik bly
En solank soos ek leef geen mens ooit so bedrieg:
Maar ek sal jou op 'n ander manier mislei,
En dit sal jy besef voor 'n halfuur verby is.)

Hy sny Titus se hand af.

Lucius en Marcus weer op.

TITUS

Nou hoef julle nie meer te stry; wat moes wees is afgemaak.

Goeie Aron, gee Sy Majesteit die hand:

Sê vir hom dit was 'n hand wat 'n duisend gevare

Van hom geweer het; vra dat hy dit begrawe;

Meer het dit verdien; gun dit tog dit.

Wat my seuns betref, sê dat ek hul toereken

As juwele teen 'n maklike prys gekoop;

En tog ook duur, want ek het vir my eie betaal.

ARON

Ek gaan, Andronicus, en in ruil vir jou hand

Kan jy jou seuns nou-nou by jou verwag.

Tersy.

(Hulle koppe, bedoel ek. O, die blote gedagte

Aan die gemeenheid is reeds voedsel genoeg;

Laat ape goeie bedoelings hê en regverdiges op genade
Aandring; Aron se siel sal so swart wees soos sy kop).
Hy gaan.

TITUS

O, hier lig ek my een hand vir die hemel op;
En buig hierdie swakke puinhoop neer tot op die grond.
As enige godheid ellendige trane bekla,
Dan roep ek Hom aan!

Act: Lavinia

Wat, wil jy saam met my huil?
Doen dit dan, hartlief, want die hemel sal ons gebede hoor
Of met ons sugte sal ons 'n wasem oor die uitpansel asem
En die son met mis besoedel, soos wolke soms doen
Wanneer hulle hom aan hul smeltende boesems vertroetel.

MARCUS

Ag, broer, praat tog binne moontlikheid
En stort nie in hierdie diep uiterstes nie.

TITUS

Is my droefgeestigheid dan nie diep, en sonder bodem?
Laat my hartstogte dan net so bodemloos wees.

MARCUS

Maar laat rede nogtans jou treurnis beheer.

TITUS

As daar maar rede vir die miserieë was
Dan sou ek my klagte aan grense bind:
As die hemele huil, oorspoel die aarde nie?
As die winde tier, word die see dan nie mal
En bedreig die hemelruim met haar opgeswelde gesig?
En wil jy 'n rede vir dié gedoentes hê?
Ek is die see. Luister hoe haar sugte blaas.
Sy is die wenende uitpansel, ek die aarde:
Dan moet my see deur haar sugte ontroer word;
Dan moet my aarde met haar aanhoudende trane
'n Vloed word, oorfloei en verdronke;
Want my derms kan hul nood nie meer verberg,
Maar soos 'n dronklap moet ek dit kots.
Gun my dan die voorreg, want verloorders sal vergunning kry
Om met hul galbitter tonge hul bitter mae te bevry.
'n Boodskapper op, met twee afgekapte koppe en 'n hand.

BOODSKAPPER

Waardige Andronicus, verskriklik is die beloning
Vir daardie goeie hand wat jy die koning gestuur het.
Hier is die koppe van jou twee edele seuns,
En hier is jou hand, met hoon aan jou terugbesorg:
Jou leed is hul vermaak, jou besluite bespot.
Dit grief my om aan jou griewe te dink,
Meer nog as die herinnering aan my vader se dood.
Af.

MARCUS

Laat hete Etna nou in Sicilië afkoel,
En maak van my hart 'n ewig-brandende hel!
Hierdie onheil is meer as wat ek kan verdra!
Om te ween met hulle wat ween, verlig gedeeltelik,
Maar droefheid waarop gespoeg word, is 'n dubbele dood.

LUCIUS

Ag, dat die gesig so 'n diep wond kan skeur
En gehate Lewe nogtans nie verskrompel nie!
Dat Dood nog Lewe se naam durf dra
Waar lewe net nog 'n bietjie asem vra!
Lavinia soen Titus.

MARCUS

Og, hartjie, daardie soen is so troosteloos
Soos bevrore water vir 'n koudstye slang.

TITUS

Wanneer sal die aaklige nagmerrie einde kry?

MARCUS

Weg nou met al die vleitaal: sterf, Andronicus;
Jy slaap nie. Kyk na jou twee seuns se koppe,
Jou krygsman se hand, jou verknoeide dogter hier,
Jou ander verbanne seun, bleek en bloedloos geskok
Deur die pynlike skouspel, en jou broer, ek,
Net soos 'n beeld versteen, so koud en so bot.
A, langer sal ek nie jou gejammer probeer betuel.
Pluk jou silwer hare uit en knaag met jou tande
Aan jou stompieshand, en mag die aaklige toneel
Ons armsaligste oë toe laat swel.
Nou behoort jy te vloek en te skreeu; waarom is jy stil?

TITUS

Ha, ha, ha!

MARCUS

Waarom lag jy? Dis 'n mees ongeleë tyd.

TITUS

Waarom? Ek het geen traan meer om te stort.

Buitendien, hierdie treurnis is 'n vyand

En sal soos 'n afperser besit van my waterige oë neem

En hulle blind maak met skatpligtige trane.

Hoe sal ek dan my weg na Wraak se grot kan vind?

Want hierdie twee hoofde spreek tog tot my

En beloof dat ek nooit enige heil sal kry

Tot al hierdie kwaad nie terugbetaal is tot *in*

Die kele van hulle wat dit gepleeg het nie.

Kom, laat ek sien watter taak ek moet verrig.

Julle treurige mense, kom staan in 'n kring

Sodat ek my beurtelings na iedereen kan wend

En op my siel sweer dat ek jul onregte sal herstel.

Hy kniel, met Marcus, Lucius, Lavinia en die twee koppe om hom geskaar; lig dan sy hand hemelwaarts.

Die eed is gesweer.

Hy staan op.

Kom broer, neem 'n kop,

En in my oorblywende hand sal ek die ander dra,

En Lavinia, jy kan ook hand uitsteek;

Liewe meisie, dra jy my hand tussen die tande;

En wat jou aangaan, my seun, gee voor my oë pad.

Jy is 'n balling, en hier moet jy nie talm nie.

Jaag na die Gote, bring 'n leër daar op die been,

En, as jy my respekteer – en ek dink dis so –

Laat ons groet en uiteen gaan, want ons het veel te doen.

Hulle soen mekaar; Titus vertrek met Marcus en Lavinia.

LUCIUS

Vaarwel, Andronicus, my edele vader,

Die ellendigste man wat ooit in Rome gewoon het!

Vaarwel, trotse Rome! Tot Lucius weer terugkeer

Los hy hier sy geliefdes, dierbaarder as sy eie lewe;

Vaarwel Lavinia, my geëerde suster;

Ag, as jy maar weer soos vroeër kon wees!

Maar nou leef beide Lavinia en Lucius
In vergete se boek en veragtelike verdriet.
As Lucius leef, sal hy jou onregte vergeld
En die trotse Saturninus en sy keiserin
Voor die poorte laat bedel soos Tarquinius en sy vrou.
Nou sal ek na die Gote gaan en 'n krygsmag werf
Om Rome en Saturninus in gelyke munt te betaal.
Lucius af.

TONEEL II

'n Vertrek in Titus se huis; die tafels is gedek vir 'n feesmaal. Titus Andronicus, Marcus, Lavinia en die knaap Lucius op.

TITUS

So-ja, sit nou aan en eet nie meer as wat
Nodig is om genoeg krag in ons te dra
Om ons bittere ongelukkigheid mee te wreek.
Marcus, knoop daardie smart-omstregelde knoop los:
Jou niggie en ek, arme skepsels – ons hande makeer,
En met gevoude arms kan ons nie ons tienvoudige
Griewe lug nie. My arme orige regterhand het
Oorgebly om baas te speel oor my bors.
Wanneer my hart stapelgek van ellende
In die uitgeholde sel van my vlees bol en stamp
Dan moker ek hom so weer neer.
Aan Lavinia.
Jy, landkaart van leed, wat met gebare taal moet maak,
As jou hart met buitensporige kloppe klop
Kan jy dit nie so slaan en stilmaak nie.
Kwes dit met sugte, meisie, maak dit met kreune dood.
Of byt 'n messie tussen jou tande vas
En steek 'n gat net langs jou hart
Sodat al die trane wat uit jou arme oë rol
In daardie riool mag loop, en daar insink
Om daardie klaende swaap in see-soute trane te verdrink.

MARCUS

Focitog, my broer – waarom moet jy haar aanhits
Om 'n geweldadige hand aan haar sagte lewe te slaan?

TITUS

Hoe nou? Het droefheid jou ook reeds besimpel?
Hoor hier, Marcus, niemand behalwe ek mag mal wees nie.
Watter geweldige hand kan sy aan haar lewe slaan?
Ag, waarom moes jy hande tog weer noem?
Dis nou vir Aeneas vra om twee keer die verhaal te vertel
Van hoe Troje verbrand en in ellende gedompel is.
Moenie daardie tema hanteer, van hande praat nie
Ingeval ons immer onthou dat ons geen hande meer het.
Sies! foei! hoe rasend maak ek my gepraat haaks,
Asof ons sou vergeet dat ons geen hande het
As Marcus die onderwerp nie aanroer nie!
Kom, laat ons wegval; en, sagte meisie, eet dit.
Is daar geen drank? Marcus, luister na wat sy sê.
Ek kan al haar gekortwiekte gebare vertolk:
Sy sê sy drink niks anders as trane nie;
'n Treksel van haar treurigheid op haar wange gemeng.
Spraklose klaer, ek sal jou gedagtes leer ken;
In jou stom stuipe sal ek net so slim wees
Soos bedelende kluisenaars in hul heilige gebede;
Jy sal nie sug, jou stompies vir die hemel wys,
knipoog, kopknik, kniel, of 'n teken maak
Sonder dat ek daaruit 'n alfabet wring
En deur voortdurende oefening die betekenis daarvan leer.

SEUN

(Snik)

Liewe oupa, los tog nou hierdie wrang en diepe treurklagtes:
Maak my tante liewer vrolik met 'n aangename storie.

MARCUS

Helaas, die tere kind se hart word verskeur
En hy huil oor sy grootvader se swarmoedigheid.

TITUS

Vrede, jong lootjie; jy is van trane gemaak,
En trane sal baie gou jou lewe weg laat smelt.
Marcus slaan op sy bord met 'n mes.
Waarna slaan jy met jou mes, Marcus?

MARCUS

Na dit wat nou dood hier lê, my heer: 'n vlieg.

TITUS

Weg met jou, moordenaar! jy vermorsel my hart!
My oë walg aan die skouspel van tirannie:
Om die dood aan 'n onskuldige oor te dra
Betaam nie Titus se broer nie. Gee pad voor my!
Ek sien jy's nie geskik vir my geselskap nie!

MARCUS

Helaas, my heer, ek het maar net 'n vlieg doodgeslaan.

TITUS

Maar nét? En as daardie vlieg 'n moeder en vader had?
Hoe sou hy sy maer, vergulde vlerkies laat hang
En erbarmlike gedoentetjies in die lug kruis-sing!
Sies tog, die onskadelike vlieg
Het, met sy snoesige zoemende melodie
Hiernatoe gekom om ons plesierig te maak, en jy't hom vermoor.

MARCUS

Verskoon my, meneer; dit was 'n swart, afstootlike vlieg –
Net soos die keiserin se Moor; daarom het ek hom vreggemaak.

TITUS

O, O, O.
Verskoon my dan dat ek jou dit kwalik kon neem,
Want jy het 'n weldadige ding gedoen.
Gee my jou mes, ek sal koning oor hom kraai,
Gevlei by gedagte dat dit die Moor mag wees
Wat ekspres hiernatoe gekom het om my te verpes.

Hy steek daarna

Vat so vir jou, en dis vir Tamora.

A, vuilgoed!

Tog, ek dink nie ons het so laag gesink nie,
Want ons twee saam kan nog 'n vlieg ombring
Wat hom in gedaante van 'n son-swart Moor
Aan ons opdring.

MARCUS

Helaas, die arme man; sy leed het hom so verwring
Dat hy skimagtige skaduwees vir ware wesens aansien.

TITUS

Kom, dek af. Lavinia, kom saam met my:
Ons gaan na jou binnekamer, en ek sal treurige stories
Vir jou lees, wat uit die ou tyd kom.

Kom, seun, jy kom ook mee; jou oë is jonk
En jy sal lees as myne blinderig begin blom.
Hulle gaan.

Vierde Bedryf

TONEEL I

Voor Titus se huis.

Lucius se seun op en Lavinia hardloop agter hom aan; en die seun gee vinnig eenkant toe pad met sy boeke onder die blad. Titus en Marcus op.

SEUN

Help, grootvader, help! Tant Lavinia volg my
Net waar ek gaan en ek weet nie waarom nie.
Goeie oom Marcus, kyk net hoe rats is sy;
Ag, liewe tannie, ek weet nie wat jy wil hê nie.

MARCUS

Kom staan hier, Lucius; moenie bang wees vir haar nie.

TITUS

Sy hou van jou, seun, te veel om jou ooit seer te maak.

SEUN

Ja, toe vader nog in Rome was, was dit waar.

MARCUS

Wat wil Lavinia met al die gebare sê?

TITUS

Moenie vrees nie, Lucius; sy probeer maar net iets sê.

MARCUS

Kyk, Lucius, kyk hoe gaande sy oor jou is;
Sy wil hê jy moet saam met haar iewers heen gaan.
Ag, my seun, Cornelia het nooit met groter sorg
Haar seuns les gegee as wat sý soet gedigte
En Tully se *Orator* aan jou voorgelees het nie.
Kan jy nie raai wat sy van jou wil vra nie?

SEUN

My heer, ek, ek weet nie, en ek kan ook nie raai –
Tensy 'n bevlieging van waansin in haar gevaar het;
Want ek het al dikwels vir oupa gehoor sê
Dat uiterstes van smart 'n mens mal kan maak,
En ek het gelees dat Hekuba van Troje rasend
Van verdriet was; dit het my bang gemaak,

Alhoewel ek weet, my heer, dat my edele tante
My net so lief het as wat my moeder my ooit had,
En dat sy my nie wil verskrik, tensy dit uit dolheid is.
Maar daarom het ek my boeke neergegooi en gevlug –
Sonder rede miskien – verskoon my, liewe tante,
En, as oom Marcus ook saamgaan
Sal ek u met graagte vergesel, madame.

MARCUS

Goed, Lucius, ek kom saam.

Lavinia graawe met haar stompies tussen die boeke wat Lucius laat val het.

TITUS

Wat is dit nou, Lavinia! Marcus, wat beteken dit?

Daar is 'n boek waarna sy soek.

Watter een van hulle is dit, meisie? Seun, slaan hulle oop.

Aan Lavinia.

Maar jy's meer belese, en toegerus vir beter boeke as dié.

Kom, kom kies wat jy wil uit my biblioteek

En so kan jy dalk jou treurigheid fop, tot die hemele

Die verdomde bedenker van hierdie daad openbaar.

Hoekom steek sy haar arms so aanhoudend in die lug?

MARCUS

Ek dink sy bedoel dat daar meer as een skurk

Betrokke was by die saak; ja, daar was meer;

Of anders gooi sy hul hemelwaarts in 'n soeke na wraak.

TITUS

Lucius, watter boek is dit waarin sy blaai?

SEUN

Dis Ovid se *Metamorfose*, oupa;

My ma het dit vir my gegee.

MARCUS

Miskien het sy dit tussen die ander uitgegraaf

Uit liefde vir haar reeds heengegaan.

TITUS

Bly stil! Kyk hoe haastig snuffel sy tussen die blaai!

Help haar!

Waarna sou sy soek? Lavinia, sal ek vir jou lees?

Dit is die tragiese relaas van Philomel

En handel oor Tereus se verraad en sy verkragting;

En verkragting, vrees ek, was die wortel van jou ergernis.

MARCUS

Kyk, broer, kyk net hoe sy die bladsye bestudeer.

TITUS

Lavinia, liefingkind, is jy ook so verras,
Onteer en veronreg soos Philomela was,
Gedwing in daardie hartelose, verlate en somber woud?
Kyk! Kyk!

Ja, so 'n plek was daar waar ons gejag het –
Ag, as ons maar nooit daar gejag het nie –
Op patroon van wat die digter hier beskryf
Deur die natuur vir moord en verkragting geskik.

MARCUS

O, waarom sou die natuur so 'n vuil nes bou
As dit nie was dat gode behae in tragedies skep?

TITUS

Gee ons 'n teken, my dogter, ons is almal jou vriende hier;
Watter Romeinse heer het hierdie daad durf pleeg?
Het Saturninus nie weggesluit, soos Tarquinius destyds,
Toe hy die kamp verlaat het om te sondig in Lucretia se bed?

MARCUS

Kom sit, liewe niggie; broer, kom sit hier by my.
Apollo, Pallas, Jupiter of Mercurius:
Besiel my tog, dat ek die verraad mag ontmasker!
My heer, kyk hier; kyk hier, Lavinia:
Die erfie sand is skoon; rig, as jy kan
Dit soos ek dit doen.

Hy skryf sy naam met sy staf en lei die staf met voete en mond.

Ek het my naam geskryf

Sonder die hulp van watter hand ook.

Vervloek is die hart wat ons tot dié uiterstes dwing!

Skryf jy nou, liewe niggie, en wys vir ons oplaas

Wat God vir wraak se saak ontbloot wil hê:

Die hemel lei jou pen om jou smarte duidelik te sê

Dat ons die verraaiers en die waarheid mag ken!

Sy neem die staf in haar mond, en beheer dit met haar voete, en skryf.

O, lees jy, my heer, wat sy geskrywe het?

TITUS

STUPRUM, CHIRON, DEMETRIUS

(Verkragting, Chiron, Demetrius)

MARCUS

Wat, wat! is die wellustige seuns van Tamora
Skuldig aan hierdie afskuwelike, bloedige daad?

TITUS

MAGNI DOMINATOR POLI, TAM LENTUS AUDIS SCELERA? TAM LENTUS
VIDES?

(Heerser van die omvangryke hemele
Is u so laks om misdade te sien en te hoor?)

MARCUS

O, bly tog kalm, sagte heer, hoewel ek weet
Dat daar genoeg op hierdie aarde geskryf staan
Om 'n muiery in die mildste gemoed op te sweep
En suigeling se harte teen besware te bewapen.
My heer, kniel saam met my; Lavinia, kniel;
En kniel, liewe jongeling, die Romeinse Hector se hoop;
En sweer saam met my, soos die ellendige eggenoot
En die vader van daardie kuis, onteerde dame –
Junius Brutus gesweer het na verkragting van Lucretia,
Dat ons, van goeie planne bedien, dodelik wraak
Op die verraderlike Gote sal neem,
En hul bloed sal sien, of omkom aan verwyf.

TITUS

Dis waar genoeg, en jy het geweet hoe;
Maar as jy die beerwelpies jag, pas dan op:
As die moer snuf in die neus kry, sal sy wakker word –
En sy's nog immer kop in een mus met die leeu,
En paai hom as sy wydsbeen op haar rug lê en speel,
Maar as hy slaap dan doen sy wat sy wil.
Op jou eentjie is jy 'n onbedrewe jagter, Marcus.
En kom, ek sal 'n koperplaat gaan haal
En met 'n staalpuntpen hierdie woorde daarin kerf
En dan wegbêre: die wrokkige noordewind
Sal hierdie sand soos Sybilla se blare wegwaai
En wat word dan van ons les? Knaap, wat sê jy?

SEUN

Ek sê, as ek 'n man was, my heer,
Sal hul eie moeder se slaapkamer geen skuiling bied
Vir hierdie lae knegte van die Romeinse juk.

MARCUS

Ja, so praat 'n man! jou vader het dikwels dieselfde vir sy
ondankbare land gedoen.

SEUN

Soos ek ook sal doen as ek leef, my oom.

TITUS

Kom saam met my na my wapensaal;
Lucius, ek sal jou daar uitrus, en veral
My seun – jy sal van my na die keiserin se seuns
Die presente neem wat ek vir beide bedoel.
Kom nou, jy sal my boodskap dra, sal jy nie?

SEUN

Ja, met my dolk in hul borste, grootvader.

TITUS

Nee, seun, nie so nie: ek sal jou 'n ander manier leer.
Lavinia, kom. Marcus, sorg jy vir my huis;
Lucius en ek sal aan die hof ons moed gaan wys:
Ja, ons sal so wragtie, meneer, en hulle sal kennis van ons neem.
Hy gaan, gevolg deur Lavinia en jong Lucius.

MARCUS

O, hemel, sal jy 'n goeie man hoor kreun
En nie week word, en nie deernis vir hom hê?
Marcus, bly by hom in sy waansinnige nood,
Hy met meer littekens gegrif in sy hart
As die skrape van 'n vyand ingeduike op sy skild,
En tog so opreg dat hy hom nie wil wreek.
Laat die hemel self *vir* ou Andronicus breek!
Af.

TONEELII

'n Saal in die Paleis

*Aron, Chiron en Demetrius op by die een deur; by 'n ander deur jong
Lucius, en nog iemand, met 'n bondel wapens, en verse op die wapens
geskryf.*

CHIRON

Demetrius, hier is Lucius se seun;
Hy het 'n boodskap vir ons gebring.

ARON

Ja, 'n mal boodskap van sy swaksinnige oupa.

SEUN

My here, met al die nederigheid wat ek veroorloof word
Groet ek U Edeles namens Andronicus;

Tersy

(en bid dat die Romeinse gode julle albei verydel)

DEMETRIUS

Hartlik bedank, lieflike Lucius, wat is die nuus?

SEUN

Tersy

(Dat julle nou op die lappe is, dis die nuus
Vir booswigte met verkragting bevlek)

Hardop

Mag dit u genoeë doen,
My grootvader, by sy volle verstand, stuur saam met my
Die beste wapens uit sy wapenhuis
Om genot aan u eerbare jeug te verskaf,
Die hoop van Rome, want so het hy versoek dat ek sê;
En so sal ek dit doen, en ek wil sy geskenke
Aan U Edeles bied, dat wanneer die nood julle druk
Julle gewapen en goed voorberei sal wees.
En so neem ek van julle afskeid . . .

Tersy.

(Soos van bloederige skobbejakke)

Seun en wapendraer af.

DEMETRIUS

Wat is dit? 'n rol? met iets daarop geskryf?

Laat ons sien:

„INTEGER VITAE, SCELERISQUE PURUS,
NON EGET MAURI IACULIS, NEC ARCU”

(„'n Man opreg in lewe en vry van sonde
Is nie aan 'n Moor se boog of spiese gebonde”).

CHIRON

O, dis 'n vers van Horatius; ek ken dit goed;
Ek het dit lank gelede in my grammatikaboek gelees.

ARON

Ja, kolskoot; 'n vers van Horatius, jy is reg.

Tersy

(Tja, wat 'n spektakel as mens 'n esel is!
Dis nou vir jou 'n beentrekkery! die ou man het hul
Skuld ontdek,
En stuur vir hulle wapens in stanzas toegevoeg
Wat, verby hul gevoelens, tot in die kern kwes.
As ons skerpsinnige keiserin net hiervan moes weet
Sou sy Andronicus se verwaandheid toejuig:
Maar laat haar nog 'n rukkie in haar onrusbarendheid rus -)
Hardop

En nou, my jong vriende, was dit nie 'n opgeruimde ster
Wat ons na Rome gelei het, vreemdelinge, en meer as dit,
Gevangenes, om tot die hoogtes bevorder te word?
Dit het my hart goed gedoen om voor die paleispoorte
Die tribuun binne hoorafstand van sy broer te tart.

DEMETRIUS

Maar my hart voel nog beter dat so 'n groot heer so
Laakbaar witvoetjie soek en vir ons presente stuur.

ARON

Het hy dan nie rede nie, Heer Demetrius?
Het jy nie baie vriendelik van sy dogter gebruik gemaak nie?

DEMETRIUS

Ek wens ons had 'n duisend Romeinse dames
So op 'n streep, dat elkeen 'n kans met ons wellus kan vat.

CHIRON

'n Weldadige wens, en stampvol liefde.

ARON

Hier makeer net jou moeder om amen te soen.

CHIRON

En vir twintigduisend meer sou sy dit doen.

DEMETRIUS

Kom, laat ons al die gode gaan bid
Vir ons geliefde moeder in haar pyn.
Hulle maak gereed om te gaan.

ARON

(Bid vir die duiwels, die gode het ons opgegooi.)
Hy staan opsy; die klank van trompette.

DEMETRIUS

Waarom blaas die trompette so 'n fanfare?

CHIRON

Waarskynlik uit vreugde – die keiser het 'n seun.

DEMETRIUS

Sjuut! wie kom hier aan?

Oppasster op met 'n swart kind; as sy die jongelinge sien, bedek sy oorhaastig die kind met haar mantel.

OPPASSTER

Goeie môre, here.

Sê my asseblief, het julle Aron die Moor gesien?

Aron kom vorentoe.

ARON

Wel, so min of meer, of glad nie 'n Moor,

Hier is Aron, wat wil jy van Aron hoor?

OPPASSTER

Huil

O, liewe Aron, ons is almal verlore!

Help nou, of vervloek sal jy vir ewig wees!

ARON

Nou! vir wat staan en tjank jy soos 'n kat?

Watter warmpatat het jy daar, my skat?

OPPASSTER

Ag, dit wat ek van die hemel se oë wil verberg:

Ons koningin se skaamte en Rome se skande!

Sy is verlos, here, sy is verlos.

ARON

Van wie?

OPPASSTER

Ek bedoel sy het geboorte gegee.

ARON

Wel, mag God haar laat rus! Wat het Hy haar gestuur?

OPPASSTER

'n Duiwel.

ARON

Toe nou! Dan is sy die duiwel se moeder: 'n Vreugdevolle uitvloeisel.

OPPASSTER

'n Vreugdelose, nare, swart en treurige spruit!

Sy wys hulle die kind.

Hier is die baba, so verfoeilik soos 'n janblom

Tussen die witkelktelers van ons ligte klimaat;
Die keiserin stuur dit vir jou, jou stempel en seël,
En vra dat jy dit met jou dolk se punt moet doop.

ARON

Voertsek! jou snol! is swart so 'n gemene kleur?
Bloesende liefing, jy's 'n fraai bloeisel, so waar.

DEMETRIUS

Bliksem! Wat het jy gedoen?

ARON

Dit wat jy nie weer ongedaan kan maak.

CHIRON

Jy het ons moeder gedoem.

ARON

Snotkop, ek het jou ma gedoen.

DEMETRIUS

En daarmee, helhond, het jy haar losgetorring.
Wee haar geluk, en verdoem haar afskuwelike keuse!
Vervloek die telg van so 'n besoedelde booswig!

CHIRON

Dit sal nie leef nie.

ARON

Dit sal nooit sterf.

OPPASSTER

Aron, dit moet; die moeder het so versoek.

ARON

Wat moet dit, oppasster? Laat geen ander man behalwe ek
My vlees en bloed tereg probeer stel.

DEMETRIUS

Ek sal die paddavis aan die spits van my rapier spiets;
Oppasster, gee hier – my swaard sal dit gou terug hel toe stuur.

ARON

Hierdie swaard sal eerder jou derms oopploeg.
Hy neem die kind van die oppasster af, en trek sy wapen.
Staan, moorddadige skurke? Wil julle jul eie boetie doodmaak?
Voorwaar, by al die brændende fakkels van die lug
Wat so helder geskyn het toe die seun verwek is,
Hy wat aan my eersgebore seun en erfgenaam vat
Sal sterf op my kromswaard se lem.
Ek sê vir julle, snuiters, nòg Enceladus

Met die ganse dreigende bende van Typhon se gespuis,
Nòg die groot Alcides, nòg die oorlogsgod —
Sal hierdie prooi uit sy vader se hande ruk.
Wat, wat, julle bloedkleurige, vlakhartige seuns!
Julle witgekalkte mure, julle krom-en-skeefgeverfde uithangborde!
Koolswart is beter as enige kleur
Omdat dit al die ander kleure versmaai;
Want al die water in die oseaan
Kan die swaan se swart beentjies nooit witter draai
Al sou sy hul ook elke uur in die branders baai.
Gaan sê vir die koningin dat ek mondig genoeg is
Om my eie te behou, dat sy verskoon soos sy kan.

DEMETRIUS

Gaan jy jou edele meesteres so verloën?

ARON

My meesteres is my maitresse; dit is my self;
Die lewenslus en die beeld van my jeug;
Hom verkies ek bo alles op aarde
En die hele wêreld ten spyt sal ek hom veilig bewaar,
So nie sal van julle soos mensekerse in Rome rook.

DEMETRIUS

Hiermee is ons moeder vir ewig in die skande gesteeek.

CHIRON

Rome sal haar vir die viesse oortreding verag.

OPPASTER

Die keiser sal haar in sy woede tot die dood veroordeel.

CHIRON

Ek bloos as ek aan hierdie skandvlek dink.

ARON

Ja, dis die voorreg waaraan jou skoonheid ly.
Foei! uitblakerende kleur wat jou hart se geheime drome
En raadplegings met 'n gebloos verraai!
Hier's nou vir jou 'n perdjie van 'n ander kleur;
Kyk net hoe lag die swart slaaf met sy vader,
Asof hy wil sê, „ou-kêrel, ek is joune soos koljander.”
Hy is julle broer, here, duidelik gevoed
Met daardie selfde bloed wat lewe aan julle geskenk het;
En uit daardie skoot waarin julle ook opgesluit was
Is hy vrygelaat en aan die lig gebring.

Nee, hy's julle broer aan die bloed se kant,
Al het my stempel ook sy gelaat verbrand.

OPPASSTER

Aron, wat sal ek vir die keiserin sê?

DEMETRIUS

Adviseer ons, Aron, wat gedoen moet word,
En ons sal ons by jou raad neerlê;
Red jy dan jou kind, dat ons almal veilig mag wees.

ARON

Laat ons gaan sit met ons koppe bymekaar.
My seun en ek sal maar onder die wind wil hou.
Aron gaan staan tussen die Prinse en die kind, die oppasster is by die kind.
Bly daar, praat nou na hartelus oor julle veiligheid.
Hulle sit.

DEMETRIUS

Hoeveel vroue het hierdie kind van hom gesien?

ARON

So-ja, kloekmoedige here, as ons saamstaan
Is ek soos 'n lam; maar as julle met die Moor skoorsoek
Dan is die geïrriteerde wildevark, die leeuwyfie in die berg,
Of die oseaan se getye nie so erg soos Aron se storms nie.
Maar sê weer, hoeveel vroue het die kind gesien?

OPPASSTER

Cornelia, die vroedvrou; en ek self
En niemand anders behalwe die keiserin nie.

ARON

Die keiserin, die vroedvrou en jy:
Twee kan 'n geheim hou as die derde wegbly:
Gaan sê vir die koningin, sê vir haar ek sê so,
Hy maak haar dood
Preek! Preek!
So skree 'n vark geslag vir die spit.

DEMETRIUS

Wat maak jy, Aron? Waarom het jy dit gedoen?

ARON

My heer, dis 'n saak van beleid!
Sal sy leef om ons skuld te gaan verklap?
So 'n langtong, babbelende skinderbek? nee, here, nee,
Laat my nou al my planne vir julle blootlê.

Hier naby woon 'n sekere Muly, my landgenoot;
Laasnag het sy vrou die lewe geskenk
Aan 'n kind wat soos sy lyk, so blond soos julle:
Gaan maak met hom 'n verbond, gee die moeder goud,
En vertel hulle van al die omstandighede
En hoe hul kind hiermee voorregte kry
En ontvang sal word as die keiser se erfgenaam,
Daar geplaas om myne te vervang
En die storm wat aan die hof woed te kalmeer.
Laat die koning hom as sy eie op sy knie laat wip.
Luister, here; soos julle sien het sy slegte medisyne in,
Hy beduie na die lyk
En uit die aard van die saak moet jul haar versorg;
Die veld is nie ver nie en julle is lekker kêrels . . .
Dit gedaan moet julle geen tyd verspil
Maar die vroedvrou dadelik na my toe stuur.
Die vroedvrou en die oppasster eers uit die weg geruim
Kan die dames maar kekkel soos hulle wil.

CHIRON

Aron, ek sien jy vertrou nie eens die lug
Met jou geheime nie.

DEMETRIUS

Vir hierdie bedagsaamheid teenoor Tamora
Sal sy en hare jou dank verskuldig bly.
Hulle dra die oppasster af.

ARON

En nou na die Gote, so vlug soos die swaeltjie vlieg,
Om die skat in my arms daar weg te steek
En in die geheim die keiserin se vriende te ontmoet.
Komaan, jou dikbek slaaf, ek sal jou soontoe neem
Want dis jy wat die vlieg is in die self;
Ek sal jou bessies en wortels laat eet;
Jy sal van dikmelk leef, en die bok se spene suig,
En tuisgaan in 'n grot, en ek sal jou grootmaak
Om 'n vegter te wees, bevelhebber oor 'n soldatekamp.
Af.

TONEEL III

Voor die Paleis in Rome.

Titus op; ook ou Marcus, sy seun Publius, jong Lucius, en ander edelmanne, met boë; en Titus dra pyle met briewe aan die punte vasgebind.

TITUS

Kom, Marcus, kom; vriende, dit is die weg.
Seun, laat my jou pyl-en-boogskiet sien;
Sorg dat jy die boog voluit span, en dat dit reguit is daar.
,Terras Astraea reliquit!' (die godin van geregtigheid het die aarde verlaat!')

Onthou dit, Marcus.

Sy's weg, sy het gevlug, Menere, neem jul werktuie op.

Neefs, julle sal die oseaan gaan peil

En julle nette op die water werp;

Met geluk mag julle haar in die see betrap,

En tog is daar net so min regverdigheid as op die land.

Nee; Publius en Sempronius, julle moet dit doen;

Dis julle wat met bylpik en graaf moet gaan spit

En deur die intiemste kors van die aarde breek:

Dan, as julle in Pluto se landstreek kom,

Ek versoek julle, gee vir hom hierdie petisie;

Sê vir hom dis vir geregtigheid en hulp,

En dat dit van ou Andronicus kom, daar

Waar hy bewe van weemoed in ondankbare Rome.

A, Rome! Wel, wel, ek het julle miserabel gemaak

Destyds toe ek die volk se stemme gegee het

Vir hom wat my nou tiranniseer.

Gaan, gaan nou jul gang! en wees asseblief tog versigtig

En sorg dat julle elke oorlogskip visenteer:

Die skelm keiser het haar dalk reeds hiervandaan verskeep –

En dan, vriende, kan ons wind-op vir geregtigheid fluit.

MARCUS

O Publius, is dit nie 'n verskriklike las om

Te sien hoe verward jou oom is nie?

PUBLIUS

Daarom is dit ons aller beswil, here,

Dat ons hom dag en nag met omsigtigheid bedien,

En sy grille paai so saggies soos ons kan

Tot die tyd self 'n versigtige geneesmiddel vind.

MARCUS

Bloedverwante, sy smart is alle genesing verby.
Help die Gote, en laat ons met wraakgierige oorlog
Ons woede op Rome koel vir hierdie ondank,
En wraak neem op die verraaier Saturninus.

TITUS

Publius, wat is dit! Wat's dit nou, my meesters!
Wat, het julle haar gevang?

PUBLIUS

Nee, my goeie heer; maar Pluto laat weet
As jy Wraak van die hel wil hê, is dit goed.
Glo my, want Geregtigheid, dink hy, word tans
Deur Jupiter in die hemel ingespan, of iewers elders,
Sodat jy opsluit 'n bietjie sal moet wag.

TITUS

Dis verkeerd van hom om my aan 'n lyntjie te hou.
Ek sal in die gloeiende meer daar onder duik
En haar aan die hakskeen uit die hel self sleep.
Marcus, ons is net struikgewas, geen sederbome nie,
Geen fris-van-been manne in die Sikloops se vorm gegiet;
Maar metaal, Marcus, staal tot in die murg,
Tog verwring deur onregte, meer as wat die pype kon vat;
En as daar geen regverdigheid is, nóg op aarde, nóg in hel,
Dan sal ons by die hemel aanklop en die gode oorreed
Om Regverdigheid af te stuur om ons onregte te wreck.
Kom, aan die werk! Jy is 'n goeie boogskutter, Marcus.

Hy deel die pyle uit

Ad Jovem, dis vir jou; hier Ad Apollinem;
En Ad Martem is vir my.
Hier, seun, vir Pallas; hier vir Mercurius;
Aan Saturnus, Caius, nie vir Saturninus nie –
Daar kan jy net sowel teen die wind op skiet –
Opskud, seun! Marcus, laat los wanneer ek so sê.
Sowaar, ek het vir almal briewe geskryf,
Daar's nie 'n god wat nie versoek word nie.

MARCUS

(Mense, skiet al julle pyle in die hof:
Ons sal die keiser in sy eer krenk).

TITUS

Nou, meesters, span!

Hulle skiet

Goeie, Lucius!

Goeie seun, binne-in Virgo se skoot: gee dit vir Pallas.

MARCUS

My heer, ek het 'n myl anderkant die maan gemik;

Jou brief is nou reeds by Jupiter.

TITUS

Ha, ha! Publius, Publius, wat het jy gedoen?

Kyk, kyk, jy't een van Taurus se horings afgeskiet.

MARCUS

Dit was die grap, my heer: toe Publius geskiet het,

Het die Bul, baie vererg, vir Aries so 'n stamp gegee

Dat beide horings van die Ram afgeval het in die hof.

En wie kry hul toe daar? Die keiserin se handlanger.

Sy het gelag en vir die Moor gesê hy moenie

Vol fiemies wees nie, maar hulle present gee vir sy baas.

TITUS

Ja, daar wikkell hulle: God gee Sy Edele baie plesier!

'n Nar kom binne, met 'n mandjie, en binne-in twee duiwe.

Nuus, nuus van die hemel! Marcus, die pos is hier!

Vent, wat is die boodskap? het jy enige briewe?

Sal ek geregtigheid kry? wat sê Jupiter?

NAR

Pieter, die galgemaker? Hy sê hy het hulle maar weer

Lêgemaak want die ou word nie opgehys

voor volgende week Maandag nie.

TITUS

Maar wat sê Jupiter, ek vra jou?

NAR

Helaas, meneer, ek ken geen hoed-eter nie; ek het nog

nooit in my lewe saam met hom 'n kappie gemaak nie.

TITUS

Wat, verduiwels, het jy dan nie pos nie?

NAR

Ja, posduiwe, meneer; niks meer nie.

TITUS

Hoe nou, kom jy nie van die hemel nie?

N A R

Van die hemel? Jammer, meneer, maar ek was nog nie daar nie. Mag God 'n stok in my wiel steek as ek so voor-op-die-wa wou wees om op my sachte ouderdom reeds hemel toe te wil gaan. Nee, ek is met my duifies op pad na die volk se troebelnaal om die misverstand van 'n vuisslanery tussen my oom en een van die keiser se manne te probeer . . . skik.

M A R C U S

My heer, hoor hier – hierdie kêrel is net die man waarna ons soek om vir jou woord te doen; laat hom sy duiwe vir die koning gee namens jou.

T I T U S

Sê my, kan jy 'n redevoering voor die keiser doen met goeie fatsoen?

N A R

Nee, sweerlik, meneer: ek kan nie die keiser gaan vat en soen nie.

T I T U S

Kom hier, vent; alle grappies op 'n stokkie. Gaan koop liever die keiser met jou duiwe om: Ek sien toe dat hy reg aan jou laat geskied. Dê, vat so; dis solank betaling vir jou voëls, Gee my pen en ink.

Hy skryf

Sê my, kan jy ordentlik 'n versoek oorhandig?

N A R

Ja, meneer.

T I T U S

Hier is dan 'n versoekskrif vir jou. En as jy in sy teenwoordigheid kom moet jy kniel en eers sy voet soen; dan gee jy jou duiwe vir hom, en wag vir jou beloning. Ek sal daar wees, meneer, so sorg dat jy dit na behore doen.

N A R

Dit verseker ek jou, meneer; jy kan op my reken.

T I T U S

Het jy 'n mes, kêrel? Kom, laat my dit sien. Hier, Marcus, vou dit in die orasie toe,

Of anders dink hy dit kom van 'n nederige smekeling.
En wanneer jy dit aan die koning besorg het,
Kom klop aan my deur, en vertel my wat hy gesê het.

NAR

God seën jou, meneer, ek sal my riete roer.

Nar af.

TITUS

Kom, Marcus, laat ons gaan; Publius, volg my.

Af.

TONEEL IV

Keiser en keiserin op, met haar twee seuns, kamerhere e.d.m.; die keiser dra die pyle wat Titus na hom geskiet het.

SATURNINUS

My here, kyk net na hierdie onregte! Was 'n keiser
In Rome ooit so oordonder, so gepla, hiermee gekonfronteer,
En in die toepassing van gelyke geregtigheid
Met so baie veragting begroet?

My here, julle weet, en die magtige gode weet –
Wat die verstoorders van ons vrede hier ook al
In die volk se ore mag fluister – dat die bestraffing
Van ou Andronicus se seuns in daghelder ooreenstemming
Was met die wet. En wat dan daarvan

As sy verdriet so sy verstand oorrompel het?
Moet ons geteister word deur sy wraaksugtigheid,
Sy nukke, sy raserny en sy bitterheid?

En nou skryf hy hemel toe vir hulp,
Kyk: hier's vir Jupiter, en dit vir Mercurius;
Dié is vir Apollo, en hierdie vir die oorlogsgod;
Soet briefies wat deur die strate van Rome vlieg!

Wat is dit behalwe laster teen die Senaat
En die uitbasuin van ons onregverdigheid oral?
'n Goeie sin vir humor, nè, my vriende?

Asof ons geen geregtigheid in Rome sou hê!
Maar so waar soos ek leef, sy gehuigelde vervoering
Sal hom nie vryskeld van hierdie growwe vergrype nie;
Maar hy en sy gebroed sal weet dat geregtigheid

In Saturninus se gesondheid leef, en as sy sou slaap
Sal hy haar wek, sodat sy in toorn
Die trotsste lewende samesweerder sal vernietig.

T A M O R A

My genadige heer, my lieflike Saturninus,
Heer van my lewe, aanvoerder van my gemoed,
Kalmeer jouself, en verdra die misstappe van Titus se jare,
Die uitwerking van leed oor sy onverskrokke seuns –
Hul verlies het hom diep deurboor en sy hart ontsier.
Dis beter om hom in sy ontsteltenis te troos
As om die slegste of die beste vir hierdie minagting
Te vervolg.

Tersy

(Ja, dit sal die galgslim Tamora
Tot eer strek dat sy 'n goeie woordjie vir almal doen.
Maar Titus, jou het ek tot in die murg aangetas;
As jou lewensbloed verdroog het, en Aron by sy wysie bly,
Dan is alles in die haak, die anker in die baai.)

Nar op

Wat is dit, my liewe vent? wil jy ons spreek?

N A R

Ja, wat wou! u nooi-goed is die kuiseres.

T A M O R A

Keiserin is ek, maar daar oorkant sit die keiser.

N A R

Dis hom.

Kniel

God en sint Stefaans gee jou
goddemôre. Ek het vir jou 'n brief gebring, en
'n paar duiwe hier.

Saturninus lees die brief.

S A T U R N I N U S

Vat hom weg! en hang hom op die daad.

N A R

Hoeveel geld kry ek?

T A M O R A

Kom kêrel, jy gaan swaai.

N A R

Gehang! deur 'n dame! dan het ek my nek

vir 'n goeie einde uitgerek.

Wagte lei hom weg.

SATURNINUS

Boosaardige en ondraaglike onregte!

Sal ek hierdie beestelike gemeenheid verduur?

Ek weet waarvandaan hierdie duiwelstreke kom.

Mag ek dit verdra? Asof sy listige seuns

Wat volgens wet ingeboet het vir ons broer se moord

Vir my vermaak wederregtelik geslag is.

Gaan, sleep die vuilgoed aan sy hare hiernatoe;

Nòg ouderdom, nòg eer sal hom asiel kan bied:

Vir hierdie hoon sal ek jou laksman word –

Sluwe, hondsdolle ellendeling wat gehelp het om my groot te maak

In die hoop dat jy self oor my en Rome sal heers!

Emilius op

Wat se nuus bring jy, Emilius?

EMILIUS

Neem u wapens op, my heer! Nooit had Rome

Meer rede daartoe nie.

Die Gote het saamgetrek, en met 'n mag

Van vasbeslote manne, uit om te plunder,

Marsjeer hul in aller yl hiernatoe, onder geleide

Van Lucius, Ou Andronicus se seun –

Wat dreig om in die loop van hierdie wraak

Meer te doen as waartoe Cornelius ooit in staat was.

SATURNINUS

Is oorlogsugtige Lucius generaal van die Gote?

Hierdie tyding knou my, en ek laat hang my kop

Soos blomme doodgeryp, of gras deur storms platgeslaan.

Ja, nou kom ons ellende aangekruip.

Dis vir hom wat die volk op straat so lief is;

Ek het self dikwels gehoor hoe hulle sê –

Toe ek vermom as gewone man gaan wandel het –

Dat Lucius se verbanning 'n verkeerde ding was,

En hoe hul wens dat hy die troon kon bestyg.

TAMORA

Waarom sou jy vrees? Is jou stad nie sterk nie?

SATURNINUS

Ja, maar die burgers verkies Lucius

En sal teen my opstaan om hom tot hulp te kom.

TAMORA

Koning, laat jou gedagtes gebiedend wees, soos jou naam!
Is die son dan benewel dat muggies daarin kan vlieg?
Die arend gedoog dat kleiner voëltjies sing
En dit skeel hom weinig wat hul daarby bedoel.
Wel wetende dat hy met die skadu van sy vlerke –
Na willekeur hulle melodie in kan krimp;
Net so kan jy met Rome se lighoofdiges maak.
Moenie neerslagtig wees nie; ek sê vir jou, Keiser,
Ek sal die ou Andronicus betower
Met woorde nog soeter, en daarom meer gevaarlik
As wat aas is vir 'n vis, of kruidjie-roer-my-nie vir 'n skaap –
Soos die een sal hy gewond word met die aas,
Soos die ander verrot van heerlike kos.

SATURNINUS

Maar hy sal nie vir my by sy seun pleit nie.

TAMORA

As Tamora hom dit vra sal hy dit doen,
Want ek kan sy ou ore vlei en vol maak
Met goue beloftes, en, selfs al is sy hart
Hoe onaantasbaar, sy ore ook hoe doof,
Tog sal beide oor en hart gehoor gee aan my tong.
Aan Emilius

Gaan jy vooruit, wees ons gesant:
Sê dat die keiser 'n onderhoud verlang
Met oorlogsugtige Lucius, en maak 'n afspraak,
Selfs al is dit in sy vader, ou Andronicus, se huis.

SATURNINUS

Emilius, dra die boodskap met eerbied oor,
En as hy op 'n gyselaar vir sy veiligheid aandrings,
Vra hom watter pand hom die beste sal pas.

EMILIUS

Ek sal so goed moontlik aan u opdrag voldoen.
Hy gaan.

TAMORA

Nou sal ek na ou Andronicus gaan
En hom bewerk met al die kunsies tot my beskikking
Om die trotse Lucius van die Gotiese krygers weg te lok.

Liewe Keiser, wees nou weer opgewek
En begrawe al jou vrees onder my valstrikke.

SATURNINUS

Gaan salf hom dan met sukses, en pleit tog mooi.

Af.

Vyfde Bedryf

TONEEL I

Vlaktes naby Rome. Lucius op met 'n leër Gote, met dromme en vlae.

LUCIUS

Beproefde soldate, en my getroue vriende,
Uit die grote Rome het ek briewe ontvang
Wat aandui hoe baie hul hulle keiser haat
En hoe gretig hulle is om ons te sien.
Daarom, magtige here, wees soos jul titels getuig –
Gesaghebbend, en ongeduldig oor jul onregte;
En waar Rome vir julle skade berokken het,
Laat hy dit driedubbel terugbetaal.

EERSTE GOOT

Dapper loot gestam uit die groot Andronicus
Wie se naam ons skrik was eens, en nou ons troos,
Wie se kordaatstukke en eerbare dade
Deur ondankbare Rome met minagting vergeld word,
Jy kan op ons reken: ons volg jou waar jy ons lei –
Soos kwaai bye op die heetste somerdag
Deur hul koningin gelei word na blomryke boorde –
En ons sal ons wreek op vervloekte Tamora.

GOTE

En wat hy gesê het, dit wil ons beaam.

LUCIUS

Nederig bedank ek hom, en ek dank julle almal.
Maar wie kom daar aan, gelei deur 'n stewige Goot?
'n Goot lei Aron – met sy kind in die arms – binne.

TWEEDE GOOT

Broemde Lucius, ek het van ons troepe afgedwaal
Om na 'n bouvallige klooster te gaan kyk,
En toe ek, droomverlore, die afgetakelde gebou
Van naderby wou beskou, het ek skielik
'n Kind onder 'n muur hoor huil. Ek was

Nog besig om my weg na die geskreue te soek toe
 Ek hoor hoe die huilende baba getroos word met die woorde:
 ,Stil nou, geelbruin slaaf, helfte van my en helfte jou ma!
 As jou kleur nie bekend gemaak het wie se bengel jy is –
 As die natuur jou maar jou moeder se huid wou gee –
 Karnallie, sou jy 'n keiser kon word;
 Maar waar die koei en die bul albei melkweit is
 Verwek hul nooit 'n bloedswart kalfie nie.
 Stil, my apie, stil nou!' So het hy die baba gesus,
 ,Want ek moet jou na 'n vertrooubare Goot bring
 Wat, as hy weet dat jy die keiserin se kind is,
 Jou veilig sal oppas vir jou moeder se ontwil!
 Hierop het ek, met my wapen gereed, op hom afgestorm
 En hom onverhoeds oorman, en hiernatoe gebring
 Om met hom te doen wat jy goed mag ag.

LUCIUS

O verdienstelike Goot, dit is die baarlike duiwel
 Wat Andronicus beroof het van sy goeie hand.
 Dit is die pêrel wat plesier gevind het in jou koningin se oog,
 En hier is die snode vrug van haar smeulende wellus.
 Praat, puilogige slaaf, waarheen was jy op pad
 Met hierdie grœeiende ewebeeld van jou besete gesig?
 Waarom sê jy niks? Wat, jy's doof? Geen kiep of kik?
 Soldate, 'n strop! hang hom aan hierdie boom
 En aan sy sy, sy vrug van basterkap.

ARON

Los die seuntjie uit, hy is van vorstelike bloed.

LUCIUS

Te veel soos sy vaar om ooit enige goed te doen.
 Hang eers die kind, dat hy hom teen dood kan sien spartel –
 'n Gesig wat bowe-al 'n vader se siel trotseer en martel.
 Bring vir my 'n leer.
'n Leer word gehaal, en Aron gedwing om op te klim.

ARON

Van bo-af

Lucius, spaar die kind
 En neem dit van my na die keiserin.
 As jy dit doen sal ek jou wonderlike dinge wys
 Wat jou tot voordeel sal strek om aan te hoor:

As jy nie wil nie, laat gebeur wat moet gebeur,
Ek sê niks meer, net, wraak sal julle binnegoed uitskeur!

LUCIUS

Sê jou sê, en as dit my behaag wat jy vertel
Sal jou kind leef, en ek sal sorg dat dit gevoed word.

ARON

En as dit jou behaag! Nee, wees verseker, Lucius,
Dit wat ek gaan vertel sal jou siel verteer;
Want ek moet van moord praat, verkragting en bloedbad,
Bedrywe van die swartste nag, walglike gruweldade,
Samespannings van ondeug, verraad, gemeenheid,
Betreurenswaardig om te hoor, tog met medelye opgevoer;
En dit sal alles in my dood begrawe word
Tensy jy voor my sweer dat my kind sal leef.

LUCIUS

Openbaar jou gemoed; ek sê jou kind sal leef.

ARON

Sweer vir my 'n eed, dan sal ek begin.

LUCIUS

By wie sal ek sweer; jy glo in geen god;
Dit in ag genome, hoe kan jy glo in 'n eed?

ARON

Wat traak dit as ek nie glo nie? en, dis waar, ek kan nie glo;
Want ek sweer dat jy godsdienstig is
Met 'n gevoel in jou wat jy gewete noem –
Met twintig paapse aanwensels en seremonies,
En ek het gesien jy kom hul sorgvuldig na –
Daarom eis ek jou eed; omdat ek weet
Dat 'n idioot sy narresepeter as 'n god beskou
En die eed wat hy by die god sweer gestand sal doen.
Daarom vereis ek jou eed; en daarom sal jy sweer
By daardie god – watter god dit ook mag wees –
Wat jy verafgood en met eerbied aanskou,
Dat my seun sal leef, gevoed en grootgemaak deur jou;
So nie sal ek niks aan jou openbaar.

LUCIUS

By die naam van my god beloop ek dit.

ARON

Eerstens moet jy weet: ek het hom in die keiserin verwek.

LUCIUS

O mees onversadigde en vleesweelderige vrou!

ARON

Kom bog, Lucius, dit was slegs 'n liefdesdaad
Vergeleke by dit wat jy aanstons van my gaan hoor.
Dis haar twee seuns wat Bassianus vermoor het;
Hulle het jou suster se tong uitgehaal, en haar onteer,
En haar hande afgesny, en haar gesnoei soos jy kon sien.

LUCIUS

O veragtelike skurk! noem jy dit snoei?

ARON

Nou ja, sy is gewas, gesny en gesnoei!
En dit was
'n Ware stoeisport vir hulle wat die plesier had.

LUCIUS

O barbaarse, dierlike ontuig, soos jy ook!

ARON

Inderdaad, ek was die onderwyser wat hul afgerig het.
Die balhorige gees had hul reeds van die moeder –
So goed 'n kaart as wat ooit 'n pot kon wen;
Hul bloedige geesdrif, dink ek, het hul van my geleer –
So opreg 'n hond as wat ooit 'n bul by die horings kon pak.
Wel, laat my dade van my waarde getuig.
Ek het jou broers gelok na daardie arglistige gat
Waar die nat lyk van Bassianus gelê het;
Ek het die brief geskryf, deur jou vader opgetel,
En het die goud versteek, vermeld in daardie brief,
In bondgenootskap met die koningin en haar seuns.
Is daar enigiets gedoen – wat jy later moes betreur –
Waar ek geen aandeel in die onheil had?
Ek het jou vader vir sy hand verkul
En toe ek dit had, eenkant gaan staan
En my hart het so amper gebars van die lag.
Ek het deur 'n bars in die muur geloer
Toe hy sy twee seuns se koppe gekry het, in ruil vir sy hand;
Ek het sy trane gesien en so hartlik gelag
Dat my oë net so reënerig soos syne was;
En toe ek die keiserin van die grap vertel het
Het sy byna flou geval oor my vrolike verhaal

En my twintig soene vir die goeie nuus betaal.

EERSTE GOOT

Wat, kan jy dit alles vertel sonder om te bloos?

ARON

Ja, soos 'n swart hond, sê die gesegde mos.

LUCIUS

Berou jy nie die afskuwelike dade nie?

ARON

Sekerlik . . . dat ek nie 'n duisend meer kon doen.

Selfs nou vervloek ek die dag, en tog, ek dink

Weinig is die dae binne die bestek van my vloek

Wat ek nie verewig het met 'n berugte kwaad nie:

Soos, 'n man vermoor of anders sy dood beplan;

'n Meisie verkrag of oorlê hoe dit gedoen kan word;

'n Onskuldige beskuldig, en meineed pleeg;

Dodelike vyandskap tussen twee vriende skep;

Die armes se koeie hul nekke laat breek;

Skure aan die brand steek, en hooimiedens snags,

En die eienaars genooi om dit met hul trane te blus.

Dikwels het ek dooies uit hul grafte gegraaf

Om hulle penorent voor 'n boesemvriend se deur sit te maak –

Wanneer hul hartseer al byna vergete was –

En op hul velle, soos op bome se bas

Het ek met my mes in Romeinse letters gekerf;

'Hou jou verdriet lewendig, al het ek ook gesterf.'

Maar ek het 'n duisend verskriklike dinge gedoen

So maklik soos mens 'n vlieg doodmaak.

En waarlik, niks maak my treurig nie,

Behalwe dat ek tienduisend meer sou wou doen.

LUCIUS

Bring die duiwel af, want om hom te hang

Is te week, te genadig 'n dood.

ARON

Ek wens ek kon 'n duiwel wees as daar duiwels was,

Om in 'n ewigdurende vuur te leef en braai,

En dat ek jou geselskap in die hel mag hê

Net om jou siel uit te trek met my bitter tong.

LUCIUS

Here, stop sy mond toe, laat hom nie langer skel nie.

*Soldate bind sy mond toe, en bring hom na benede.
'n Goot op*

GOOT

My heer, hier is 'n boodskapper van Rome
Wat vra om deur u ontvang te word.

LUCIUS

Laat hom nader kom.

Emilius word na vore gebring.

Welkom Emilius, wat is die nuus van Rome?

— EMILIUS

Heer Lucius, en julle, prinse van die Gote,
Die Romeinse keiser groet julle almal deur my,
En hy vra – siende dat jy die wapens opgeneem het –
Vir onderhandelinge in jou vader se huis;
Hy sê ook jy kan vir gyselaars vra
En hulle sal onmiddellik uitgelewer word.

EERSTE GOOT

Wat sê ons generaal?

LUCIUS

Emilius, laat die keiser sy pande
Aan my vader en my oom Marcus gee.
En ons sal kom. Kapteins, maak gereed vir die mars.
Hulle gaan.

TONEEL II

*Binneplaas van Titus se huis. Tamora en haar twee seuns kom binne,
vermom as wraak, vergesel van verkragting en moord.*

TAMORA

So, in hierdie vreemde en triestige uitrusting
Sal ek Andronicus ontmoet
En voorgee dat ek Wraak is, van benede gestuur
Om by hom aan te sluit en sy afskuwelike onregte te herstel.
Klop aan by sy studeerkamer, waar hy, so word dit beweer,
Homself opsluit om vreemde en ontsettende wraakplanne te
oorpeins;
Sê hom Wraak is hier om haar by hom te voeg
En verwarring onder sy vyande te saai.

Hulle klop.

Titus maak 'n venster oop, bo.

TITUS

Wie durf my meditasies kom steur?
Is dit jou skelmstreek om my die deur oop te laat maak
Sodat my duistere besluite so weg mag waai
En al my studies tevergeefs mag wees?
Jy flous jouself, want wat ek beoog om te doen,
Sien jy, het ek hier in bloederige reëls neergeskryf,
En wat geskryf is sal volbring word.
Hy wys haar 'n vel papier met bloed beklad

TAMORA

Titus, ek het gekom om met jou te praat.

TITUS

Nee, geen woord. Hoe kan ek my woorde tot sieraad strek
Sonder 'n hand om hul tot uitvoering te bring?
Jy het die oorhand verkry, dus – genoeg!

TAMORA

As jy my herken het sou jy met my wou praat.

TITUS

Ek is nie mal nie; ek ken jou goed genoeg;
Aanskou hierdie ellendige klou, aanskou hierdie hoogrooi reëls,
Aanskou hierdie lyne deur smart en kommer getrek;
Aanskou die uitputtende dag en die swartsware nag;
Aanskou alle verdriet, dat ek jou goed ken
As ons trotse koningin, magtige Tamora.
Het jy nie hiernatoe gekom vir my oorskiet-hand?

TAMORA

Weet dan, beroerde man: ek is nie Tamora nie.
Sy is jou vyand, en ek jou vriend.
Ek is Wraak, deur die helse koninkryk gestuur
Om die knaende aasvoël van jou gemoed te kalmeer
Deur wrede weerwraak op jou vyande te bewerkstellig.
Kom na benede en verwelkom my tot hierdie wêreld se lig;
Raadpleeg my vir moord en vir dood.
Daar is geen hool of grot of wegkruipplek,
Geen ontsaglike ondeursigtigheid of mistige vallei,
Waar koudbloedige moord of veragte ontug
Teen vrees kan skuil, want ek sal hul kry

En my vreeslike naam in hul ore sê:
Wraak, wat die smerige oortreder laat bibber.

TITUS

Is jy Wraak? en is jy na my gestuur
Om 'n foltering vir my vyande te wees?

TAMORA

Ek is; daarom, kom na benede en verwelkom my.

TITUS

Doen my eers 'n guns voor ek na jou kom.
Kyk daar langs jou waar Moord en Ontug staan;
Gee my nou die versekering dat jy Wraak is.
Deurboor hulle, of breek hul oor jou strydwa se wiele;
Dan sal ek kom en jou voerman wees
En saam met jou om die aardbol wentel.
Voorsien twee deftige damesryperde, swart soos git
Om jou wraakgierige wa te trek op 'n vlugge rit,
En betrap die moordenaars in hul skuldige grotte;
En as jou koets gelaai is met die rotte se koppe
Sal ek afklim, en langs jou wawiel draf
Soos 'n onderdanige huiskneg dwarsdeur die dag,
Vanaf die oomblik dat die songod in die ooste opstaan
Tot by sy verslane neerstorting in die see:
En dag na dag sal ek die swaar taak verrig
Solank jy maar Verkragting en Moord daar vernietig.

TAMORA

Hulle is my ministers, saam met my hiernatoe gekom.

TITUS

Is hulle jou ministers? wat is hul name?

TAMORA

Verkragting en Moord; hulle word so genoem
Omdat hulle wraak op daardie misdadigers neem.

TITUS

My goeie God, hoe baie lyk hulle soos die keiserin se seuns!
En jy soos die keiserin! maar ons aardse wesens
Het miserabele, mal, mistastende oë!
O soete Wraak, nou kom ek na jou toe;
En as die een arm se omhelsing jou iets sê
Dan sal ek jou straks in my arm kan hê,
Hy maak die venster toe.

TAMORA

Hierdie ooreenstemming met hom pas sy waansin mooi.
 Wat ek ook mag versin om sy breinsieke luime mee te voer,
 Moet julle in jul doen-en-late handhaaf en bekrag;
 Want nou glo hy vas dat ek Wraak is
 En, liggelowig soos hy in hierdie mal vermoede is
 Sal ek hom oorreed om sy seun Lucius te laat kom,
 En terwyl ek hom met 'n feesmaal besig hou
 Sal ek uit die vuus 'n slinkse streek bedink
 Om die lighoofdige Gote uitmekaar te laat spat –
 Of ten minste sorg dat hul teen hom draai.
 Wag, hier kom hy nou, en ek moet my rolletjie speel.
Titus kom te voorskyn uit sy huis.

TITUS

Lank was ek verlore, en dit net weens jou.
 Welkom, gevreesde Furie, in my rampsalige huis:
 Verkragting en Moord, julle is ook welkom.
 Hoe baie lyk julle tog soos die keiserin en haar seuns . . .
 Julle is goed uitgedos, as jul maar 'n Moor ook had:
 (Was daar in die hele hel dan nie so 'n duiwel te vinde nie)?
 Want ek weet maar te goed dat die keiserin nooit
 Haar paadjies loop sonder die geselskap van die Moor;
 En as julle ons koningin oortuigend wou na-aap
 Sou dit meer oortuigend wees as jul so 'n duiwel had!
 Maar julle is welkom soos jul is. Wat sal ons doen?

TAMORA

Wat wil jy hê dat ons moet doen, Andronicus?

DEMETRIUS

Wys vir my 'n moordenaar, ek sal met hom afreken.

CHIRON

Wys vir my 'n smeerlap wat ontug gepleeg het,
 En ek is reg om my op hom te wreek.

TAMORA

Wys vir my 'n duisend wat jou onreg aangedoen het
 En ek sal hulle almal van my wraak laat proe.

TITUS

Gaan snuffel deur die goddelose strate van Rome
 En as jy iemand wat na jou lyk op die lyf loop,
 Gocie Moord, steek hom; hy's 'n moordenaar.

Gaan jy met hom saam en as jy so gelukkig is
Om 'n man te ontmoet wat is soos jy,
Goeie Ontug, steek hom, hy's 'n verkrachter.
Gaan jy ook met hul mee; aan die keiser se hof
Is daar 'n koningin van 'n Moor vergesel –
Jy sal haar aan jou eie portuur herken,
Want sy kom presies met jou ooreen –
Ek vra jou, maak hulle op 'n gewelddadige manier dood;
Hulle was gewelddadig teenoor my en myne.

TAMORA

Jy het ons goed ingelig: ons sal dit doen.
Maar, goeie Andronicus, kan jy asseblief
Jou seun Lucius, driemaal dappere seun, laat haal,
Hy wat 'n bende bloeddorstige Gote na Rome lei,
En hom vra om aan jou huis fees te kom vier?
Wanneer hy aanwesig is, hier by jou plegtige banket,
Sal ek die keiserin en haar seuns inbring,
Die keiser self ook, en al jou vyande,
En aan jou genade oorgelewer sal hulle buk en kniel
En jy sal jou bitter hart na hartelus op hulle kan verniel.
Wat sê jy, Andronicus, van hierdie plan?

TITUS

Marcus, my broer! treurige ou Titus roep.
Marcus op
Gaan, goeie Marcus, gaan soek jou broerskind Lucius.
Jy sal hom onder die Gote kry:
Versoek hom om na my toe te kom en laat hom
Sommige van die belangrikste Gotiese prinse saambring;
Vra dat sy soldate daar waar hul is kamp opslaan.
Vertel hom die keiser en die keiserin kom vir 'n banket
By my aan huis, en hy sal saam met hulle fuif.
Doen jy dit uit liefde vir my, en praat hom om
As hy sy gryse vader se lewe respekteer.

MARCUS

Ek sal dit doen, en gou weer terug wees.
Hy gaan.

TAMORA

Nou sal ek ook jou opdragte gaan uitvoer
En my ministers saam met my neem.

TITUS

Nee, nee, laat Verkragting en Moord by my bly
Of so nie roep ek my broer weer terug
Om aan geen ander wraak behalwe Lucius getrou te bly.

TAMORA

(Wat sê julle, seuns? wil julle by hom bly
Terwyl ek aan ons heer die keiser gaan vertel
Hoe ek die voorafbeplande streep getrek het?
Gee toe aan sy buie, praat mooi so na sy mond,
En hou hom besig totdat ek terugkom)

TITUS

(Ek het hulle almal herken, al dink hulle ek is 'n sot;
En sal hulle in hulle eie planne verstrik,
'n Paar vervloekte helhonde en hul moer.)

DEMETRIUS

Madame, gaan gerus; los ons hier.

TAMORA

Tot siens, Andronicus: Wraak gaan nou
Om 'n valstrik vir jou vyande te span.

TITUS

Ek weet jy sal; en, liewe
Wraak, tot siens.
Sy gaan.

CHIRON

Sê nou vir ons, ou man, hoe sal ons gebruik word?

TITUS

Bog, ek het werk genoeg vir julle.
Publius, kom hier, Caius en Valentinus!
Publius en ander kom uit die huis.

PUBLIUS

Waarom roep u ons?

TITUS

Ken jy die twee?

PUBLIUS

Die keiserin se seuns, sou ek skat – Chiron
En Demetrius.

TITUS

Foei, Publius, foei! jy het dit heeltemal mis;
Die een is Moord, en Verkragting is die ander se naam:

Bind hulle daarom vas, sagte Publius:
Caieus en Valentinus, gryp hulle:
Julle het my dikwels vir die uur gehoor sug,
En nou het ek dit gevind: bind hulle dus stewig vas;
En hou hul monde toe as hul begin skree.
Hy gaan in; Publius en sy makkers gryp Chiron en Demetrius.

CHIRON

Swerkaters, pas op! ons is die keiserin se seuns.

PUBLIUS

Juis daarom doen ons wat ons beveel is;
Stop lappe in hul monde, laat hul geen woord meer sê,
Is hy stewig vasgebind? daardie knope moet hou.
Titus Andronicus op, met 'n mes; en Lavinia met 'n skottel.

TITUS

Kom, kom, Lavinia; kyk, jou jagters is vasgebind.
Menere, bind hulle monde toe, laat hulle nie met my praat nie,
Maar laat hul hoor watter ontsettende woorde ek moet uiter.
O varke, Chiron en Demetrius,
Hier staan die bron wat julle met modder bevuil het,
Hierdie mooi somer met julle winter vermeng.
Julle het haar man vermoor, en vir daardie lafhartige daad
Is twee van haar broers gevonniss tot die dood;
My hand is afgekap, en was net 'n handige grap,
En haar tere hande albei, haar tong, en dit wat kosbaarder
Is as hande of tong, haar vlekkelose maagdelikheid,
Onmenslike verraaiers, het julle oopgebreek en verkrag.
Wat sou julle sê as ek julle nou laat praat?
Vuilgoed, selfs julle sal te skaam wees om vergiffenis te vra.
Luister, ellendeling, na die marteling wat ek vir julle berei.
Hierdie een hand het ek nog om jul kele oop te sny,
Terwyl Lavinia tussen haar stompies die skottel
Waarin julle skuldige bloed gaan tap, vas sal hou.
Julle weet jul moeder wil hier by my kom eet,
En dat sy haarself Wraak noem, en dink ek is getik:
Luister, vullis, ek sal jul bene maal tot stof
En daarmee en van jul bloed sal ek 'n deeg knie
En daarvan 'n kors soos 'n doodkis bak,
En van jul skandekoppe twee vleispasteie brei
En daardie hoer, jul onheilige moer, nooi

Om soos die aarde haar eie opgooisel in te sluk.
 Dit is die fees waartoe sy uitgenodig word
 En dit is die banket waaraan sy haar gaan oorvreet;
 Want slegter as Philomel het julle my dogter mishandel
 En erger as Progne sal my wraak op julle wees:
 En maak nou julle kele skoon – Lavinia, kom.
 Vang die bloed op: en wanneer hulle dood is,
 Laat my hul bene tot 'n poeier gaan vergruis
 En dit besproei met hierdie haatlake vloeistof,
 En laat hul viesse koppe in daardie deeg gebak word.
 Kom, kom, elkeen moet hand uit die mou steek
 Om die feesmaal klaar te kry, wat, so hoop ek,
 Woester en bloederiger gaan wees as die Perdmense se fees.
Hy sny hulle keel-af
 So, bring hulle nou in, en ek speel die kok
 En maak hul gou-gou gaar vir wanneer hul moeder kom.
Hulle dra die lyke die huis in.

TONEEL III

Lucius, Marcus en die Gote op, met Aron 'n gevangene, en die kind in die arms van 'n bediende.

LUCIUS

Oom Marcus, siende dat dit my vader se wens is
 Dat ek na Rome moet kom, is ek tevrede.

GOOT

En ons met jou; laat gebeur wat die lot ook bepaal.

LUCIUS

Liewe oom, neem jy hierdie barbaarse Moor,
 Die vraatsige tier, die vervloekste duiwel;
 Gee hom geen kos nie, slaan hom in boei
 Tot hy van aangesig tot aangesig voor die keiserin kan staan
 As sprekende getuienis van haar gemene vuilspel.
 En sorg dat die hinderlaag van ons vriende sterk is;
 Ek vrees die keiser het geen goeie bedoelings met ons.

ARON

Mag die een of ander duiwel vloeke in my oor sis
 En my voorsê, sodat my tong die giftige wrok
 Van my opgeswelde hart uit mag spoeg!

LUCIUS

Voertsek, onmenslike hond! ontwyde slaaf!
Menere, help my oom daar en sleep hom in.
Gote lei Aron in; trompette blaas.
Die trompette kondig die keiser aan.
Die keiser en keiserin op, met Emilius, tribune en ander.

SATURNINUS

So, is daar meer as een son aan die firmament?

LUCIUS

Wie gee jou die reg om in die son se gedaante te wil praal?

MARCUS

Keiser van Rome, en neef, onderbreek julle woordgooiery;
Hierdie kopstukke moet vreedsaam uitgepraat word.
Die fees is gereed – die sorgsame Titus
Het dit vir 'n eerbare doel bestem,
Vir vrede, vir liefde, vir bondgenootskap,
en vir alles wat goed vir Rome is.
Asseblief dan, kom nader, neem jul plekke in.

SATURNINUS

Marcus, ons sal.
*Bediendes dra 'n tafel uit; trompette word geblaas; Titus op, soos 'n kok,
en plaas die skottels op die tafel; en Lavinia met 'n sluier oor haar gesig;
jong Lucius en ander.*

TITUS

Welkom, my heer; welkom, gevreesde koningin;
Welkom, julle strydhongere Gote; welkom Lucius;
En welkom, almal: al is die kos nie watwonders nie,
Dit sal jul mae vul: val dus weg, asseblief.

SATURNINUS

Hoekom is jy so aangetrek, Andronicus?

TITUS

Omdat ek seker wil maak dat alles reg is
Om U Hoogheid en jou keiserin te onthaal.

TAMORA

Jy steek ons in die skuld, goeie Andronicus.

TITUS

As jy maar kon weet hoe waar jy praat.
My heer die keiser, sê bietjie vir my:
Was dit 'n goeie ding wat voortvarende Virginius gedoen het

Toe hy sy dogter met sy eie regterhand gedood het
Omdat sy gedwing was, bevlek en gedefloreer?

SATURNINUS

Dit was, Andronicus.

TITUS

En jou rede daarvoor, magtige heer?

SATURNINUS

Want die meisie behoort nie haar skande te oorleef
Om deur haar teenwoordigheid sy droefenis
Altyd weer oop te krap nie.

TITUS

'n Magtige rede, sterk en doeltreffend;
'n Patroon, presedent en treffende magtiging
Vir my, arme ongeluksvoël, om dieselfde te doen.
Sterf, sterf, Lavinia, en jou skande saam met jou,
En met jou skande sterf jou vader se verdriet!
Hy maak haar dood.

SATURNINUS

Wat het jy aangevang, jou onnatuurlike skepsel?

TITUS

Haar oor wie ek my oë blind gehuil het,
Het ek gedood.
Ek is net so ellendig soos Virginius was,
En het 'n duisend keer meer rede as hy
Om hierdie gewelddaad te pleeg, en dis nou gedaan.

SATURNINUS

Wat, was sy verkrag? Sê dan wie het dit gedoen?

TITUS

Sal jy asseblief nog eet? Sal ek nog opskep vir U Hoogheid?

TAMORA

Hoekom het jy jou enigste dogter so vermoor?

TITUS

Dit was nie ek nie; Chiron en Demetrius
Het haar geplunder en haar tong uitgehaak;
Hulle, ja, hulle het haar al hierdie onregte besorg.

SATURNINUS

Gaan haal hulle, bring hul dadelik hier voor my.

TITUS

Kyk, daar is hul reeds, gebak in die pastei

Waarán hul moeder pas so fyntjies gepeusel het –
Etende van die vlees wat sy self geteel het.
Dis waar, dis waar; kyk net hoe skerp was die einste mes!
Hy steek sy mes in haar.

SATURNINUS

Vrek, waansinnige woesteling, vir die vervloekte daad!
Hy maak Titus dood.

LUCIUS

Mag die seun se oog toekyk as sy vader bloei?
Hier's maat vir maat, dood vir 'n dodelike daad!
Hy maak Saturninus dood.
*Daar is oproer en rumoer; Lucius, Marcus en ander vlug en baan hul
weg tot op die balkon.*

MARCUS

Julle treurige manne, burgers, seuns van Rome,
Oproer se prooi soos die vlug wilde-eende
Deur vlae en hoë, heftige valwinde verstrooi,
O, laat my julle wys hoe om die verwarde halms
Weer in een vaste gerf vas te vat,
Hierdie gebroke bene weer in een lyf te balsem –
Opdat Rome nie 'n verskrikking vir haarself sal word,
En sy, voor wie magtige koninkryke buig,
Soos 'n verlore, wanhopige skipbreukeling
Met skande oordek, die hand aan haar eie lewe slaan.
Maar as my rypwit tekens en die krake van my jare,
Somber getuies van ware ervaring,
Julle nie kan oortuig om na my woorde te luister nie,
Praat dan, liewe vriend van Rome, soos ons voorvader eens
Toe hy met plegtige tong in die ontvanklike oor
Van die smoorverliefde Dido die storie van daardie
Verskriklike knetterende nag vertel het,
Toe die subtiele Grieke Koning Priamos se Troje oorval het.
Vertel ons wie is die Sinon wat ons ore beheks het,
Wat die burgeroorlogwond in ons Troje, ons Rome, se sy laat gaap.
My hart is nie van klip of staal gemaak nie,
En ek kan nie uiting aan ons bittere droefenis gee nie,
Want my woorde sal verdrink word in 'n tranevloed
En my stem sal breek, juis by hierdie geleentheid
Waar dit julle moet raak, julle ag moet gee,

En tot meegevoel geroer behoort te word.
Hier is Rome se jong kaptein, laat hy vertel
Wyl ek hier by die aanhoor van sy woorde staan en ween.

LUCIUS

Laat dit dus openbaar gemaak word, lieve toehoorders,
Dat dit Chiron en die verdomde Demetrius was
Wat ons keiser se broer vermoor het;
En hulle was die verkragters van my suster.
Vir hulle lae misdade is ons broers onthoof,
Ons vader se trane verag, en laakbaar verkul
Vir daardie opregte hand wat Rome se geskille besleg het
En haar vyande in grafte in kon jaag.
En oplaas is ook ek wederregtelik verban,
Die stadspoorte teen my gesluit, en in trane het ek my
Daar buite bevind om verlossing by Rome se teenstanders
Te soek; my trane het hulle vyandigheid oorfloei
En met ope arms het hul my as vriend ontvang.
Julle moet weet dat ek die man is wie
Rome se welvaart in my bloed bewaar het,
En uit haar boesem het ek die vyand se lem gepluk
En die staal in my avontuurlustige lyf geskeed.
Helaas, julle weet dat ek nie my eie basuin blaas nie;
My littekens kan getuig, so stom soos hul ook is,
Dat my verslag regverdig is, en van waarheid vol.
Maar genoeg, ek dink ek praat te veel
En besing my eie waardelose lof: o, verskoon my tog;
As mens nie vriende het nie, prys jy jouself.

MARCUS

Nou is dit my beurt om te praat. Kyk na daardie kind:
Hy beduie
Aan dit het Tamora geboorte gegee,
Die telg van 'n ongodsdienstige Moor,
Die vernaamste argitek en opstoker van al die onheil:
Die skobbejak is nog lewendig in Titus se huis,
Gedoem soos hy is om hier te erken dis waar.
Oordeel nou self hoeveel rede Titus had om hierdie
Onbeskryflike onregte te wreek – verby alle geduld gedryf
En meer as wat enige lewende mens kon verdra.
Julle het nou die waarheid gehoor: wat sê julle, Romeine?

Het ons iets verkeerd gedoen? Wys dan vir ons daarop
Sodat ons hier vanwaar julle ons sien, staan en pleit –
Die beteuterde oorblyfsels van die Andronici –
Hand aan hand kop eerste onself af kan smyt
En op gepunte klippers ons siele uit kan stamp
En so gesamentlik 'n laaste ramp oor ons huis bring.
Spreek, Romeine, praat, en as julle sê ons moet –
Kyk, hand in hand sal Lucius en ek hier daarvoor boet.

EMILIUS

Kom nou, geëerde grysaard van Rome,
En lei die keiser saggies aan die hand –
Lucius, ons keiser; want ek weet goed
Die volkstem roep hom tot koning oor ons land.

ALMAL

Alle heil aan Lucius! Rome se koninklike vors!

MARCUS

Aan die soldate

Gaan nou in ou Titus se leedbesmeerde huis
En bring daardie heidense Moor uit,
Dat ons hom so afgrysig moontlik dood kan slag
As straf vir sy mees sondige bestaan.

Soldate af.

ALMAL

Alle heil aan Lucius! Rome se goeie heerser!

LUCIUS

Dankie; liewe Romeine, mag ek so regeer
Dat ek Rome se skades genees, en haar leed sagter maak;
Maar, goeie mense, julle moet my hande rig, en my leer,
Want hierdie mantel lê op my 'n sware taak.
Staan julle nou terug; maar, oom, bly by my
En laat ons hierdie lyk in rou tranen baai.

Hy soen die dooie Titus.

O, neem die warme kus op jou bleek en koue lippe,
Hierdie treurige druppels op jou bloedgekneusde gesig,
Die laaste ware pligte van jou edele seun!

MARCUS

Traan vir traan en minlike soen vir soen
Wil jou broer Marcus teer op jou lippe druk:
Ag, al was die totaal van wat ek moet gee

Ook talloos en oneindig, tog sou ek betaal.

LUCIUS

Kom hier, seun; kom, kom leer by ons
Hoe jy moet huil: jou oupa was lief vir jou;
Hoe dikwels het hy jou nie op sy knieg laat bons,
Jou aan die slaap gesing, sy borskas vol liefde jou bed?
Menige verhaal het hy jou vertel
En jou gevra om die stories in jou gedagtes te bêre
En dit nog te ken as hy reeds dood is, en ver weg . . .

MARCUS

Hoeveel duisend keer het hierdie arme lippe
Toe hul nog geleaf het, die warmte van joune aangekleef!
Ag, liewe seun, gee hulle nou jou laaste kus.
Sê tot siens, dat hy na sy graf mag gaan,
Wees sag met hom, en dan laat ons hom met rus.

SEUN LUCIUS

O, grootvader, grootvader, ek wens met my ganse hart
Ek was dood, as jy net weer kon leef! –
O Heer, ek kan nie met hom praat nie, ek huil te veel,
As ek my mond moet oopmaak sal ek in my tranes stik.
Soldate terug met Aron.

ROMEIN

(Emilius)

Julle verdrietige Andronici, dis nou genoeg gehuil;
Spreek 'n vonnis uit oor die verwerplike ellendeling
Wat die teelvader was van al die smartlike dinge.

LUCIUS

Begraaf hom borshoog in die grond, en honger
Hom uit;
Laat hom daar staan en kraai en gil vir kos:
As enigeen hom help of hom jammer kry
Sal hy vir die oortreding sterf. Dis ons verdoemenis.
Sommige bly om te sien dat hy vas in die aarde staan.

ARON

A! Hoekom is woede nou sprakeloos, en raserny stom?
Ék, ek is geen babatjie wat met platpens gebedjies
Berou sal betoon vir my voltrekte euwels nie;
As ek maar kon sou ek tienduisend maal erger
Wou wees as wat ek was. As ek in my lewe


Een goeie daad verrig het, dan berou
Ek dit nou hier uit die afgrond van my siel.

LUCIUS

Laat 'n paar dierbare vriende die koning hiervandaan bring
En gaan lê hom neer in sy vader se graf;
My vader en Lavinia sal onverwyld
In ons huisgesin se monument toegemessel word.
Wat daardie vraatsugtige tierwyfie Tamora betref:
Geen begrafnisdiens, geen man in roudrag nie;
Geen rousware klok sal vir haar 'n begrafnis lui nie;
Maar gooi haar op die plek vir die diere en voëls van die veld.
Haar lewe was soos 'n dier s'n van genade ontbloot,
Nou dat sy dood is, laat die hemelvoëls haar genade ontbloot.
Hulle gaan.

EINDIG DIE TRAGEDIE VAN
TITUS ANDRONICUS





G. 35747
299 826791
SHAKESPEARE

Titus Andronicus,
Vertaal deur B. Breytenbach

MAIN
PR
2795.
.A4
SHA

University of the Witwatersrand, Johannesburg

The Library

This book may *not* be retained after the last date stamped below. A renewal for a further period of seven days may be granted unless the book is in demand. *Fines, as scheduled in the Rules and Regulations, are incurred on overdue books.*

15 JUL 1985		
16 SEP 1985		
5 APR 1995		
12 APR 1995		
09 MAY 1995		
10 MAY 2019		

This book is *not transferable*. It will remain your charge until returned by you in person.



BC45651

